# ’n Onseker Klank

Dankie, Broer Sullivan. Julle mag maar sit. Ek kan net skaars myself uitdruk om God te dank oor hoe dankbaar ek is om terug te wees hier in hierdie tabernakel, vanaand. Ek het lank die besoek onthou wat ek die laaste keer hier gehad het by Broer Sullivan, en die mense, en hoedat die Here ons geseën het, een Sondagoggend in die kerk.

2 En toe ek opgekom het net ’n paar minute gelede, en daardie mense hoor sing het: “Vreugde in my hart, en vrede in my gemoed,” dis wat Christene sing, waaroor Christene kan praat, met vreugde in hulle hart, en vrede in hulle gemoed, en daar’s niks wat dit kan doen behalwe God nie.

3 En dit is net goed om weer hierbo te wees buite die rookmis van Kalifornië, waar jy nou en dan ’n goeie diep teug asem kan kry. Daardie. . . Hulle kan die hele Kalifornië kry wat my betref. En ek hou van die mense daar, maar beslis nie van daardie rookmis wat hulle daaronder in daardie vallei het nie.

4 Ek is gebore hierbuite op een van hierdie rante in Kentucky, en ek kan net nie wegkom daarvan nie, julle weet. Ek net, ek. . . Dis. . . Dit mag wees, almal mag soontoe wil haas as hulle wil, maar vir my, sou ek net liewer hierbo bly waar jy ten minste kan asemhaal, my oë het gebrand, my keel het rooi geword.

5 En ek—en ek sê julle, ek glo sonde reis soort van, wel, dit reis altyd, en het saam met die beskawing gereis, sonde het altyd deur beskawing gekom. Voor daar enige van die witmense in die weste was, toe dit net Indiane was, het hulle geen sonde gehad nie, hulle het net ’n goeie rustige lewe gelei, en ’n bietjie probleme gehad, nou en dan, van hulle stamoorloë, en dinge, maar sover as wat—wat dit *sonde* betref, dit het saam met die wit ras gekom, toe die beskawing gekom het. Hulle het ingekom met vroue, whisky, en dobbel, en doodmaak.

6 En soos die son van die ooste na die weste gegaan het, gaan die beskawing daarmee saam, en ek glo die Here moet ’n groot radarskerm bo op die Weskus hê, want as dit enigsins verder gaan, sal dit weer na die ooste toe gaan, so ek dink dit sit net daarteen, en val reguit terug, soos ’n golf. En ek sê dat dit beslis is, ons lewe beslis in ’n verskriklike tyd, verskriklike tyd. Nou, dit is nie net van toepassing op die Weskus nie, en ek wat spog met hierdie Buckeyes, en Hoosiërs, en mieliekrakers hierrond, maar ons het dit ook hierbo, julle weet, maar dis net meer daarvan daarbuite.

7 Hierdie vyf aande wat ons het, net nou, weer hier in Ohio. . . Ek dink môre-aand gaan hulle na een of ander ouditorium, of iets, maar ek—ek was bly om na die kerk toe te kom, ek hou van

’n kerk. Ja. Ek—ek dink dat, Broer Sullivan, in—in die—die dat ek rondreis, ek wel vind dat die beste dienste altyd in kerke is.

8 Nou, ek het . . . hoop ek is nie bygelowig nie, as ek is, weet ek dit nie, maar dan, wanneer jy in hierdie plekke ingaan waar hulle vermaak het, en dobbel, en danse, en dit lyk net vir my asof daar net klein duiweltjies oral rondsit, julle weet. En hulle is net soort van ’n—’n woonplek vir hulle, hulle bly net daar, en dan moet jy ingaan, omtrent vyf aande neem om hulle almal uit te preek, julle weet, voor jy die diens kan begin.

9 Maar in die kerkhuis, glo ek, trek die Engele van God laer, want die heiliges wat daar vergader, dis ’n bekende plek vir God, waarnatoe Hy kom en Sy mense ontmoet. Dit het altyd soort van goed vir my gelyk om in ’n kerk te wees. Ek hou meer daarvan, sodat jy kan wees by, dit meer tuis kan wees, julle weet, dis—dis waar ons net gemeenskap hou, en dinge in gemeen het.

Toe Broer Sullivan, en ons die geleentheid gekry het om weer terug te kom, was ek baie bly.

10 Was net oorkant by die bure, hier oorkant in Virginia, verlede week, en onder by Richmond, het ’n wonderlike tyd gehad daaronder saam met daardie suiderlinge. “Geboorteplek van die nasie,” noem hulle dit. En hulle is almal goeie ou suiderlinge, ook, hulle het die Here regtig lief daaronder, en ons het ’n wonderlike tyd gehad. Maar ek was angstig om weer terug te kom huis toe, hierbo, sodat ons ’n rukkie saam kon aanbid.

11 Nou, bly om my vriende hier te sien van die boonste staat af. Hoe ver is jy weg van hieraf, Charlie? Hoe ver woon jy bo . . .? [Die broer sê: “Sewentig myl.”—Red.] Omtrent sewentig myl. Wel . . . [“Net hierdie kant van die Indiana staatsgrens.”] Net binne die Indiana staatsgrens. Rodney en almal . . . [“*Hierdie* kant.”] Wat is dit? Hierdie kant? Hierdie kant van die Indiana staatsgrens. Hy het dit net *amper* in die genade in gemaak, maar hy het dit net ’n entjie gemis, net ’n entjie, net by die staatsgrens.

12 Nou, as jy afgekom het in Kentucky in, sou jy net reg gewees het. Hoeveel Kentuckiërs is hierbinne? O, goeiste! [Iemand praat met Broer Branham—Red.] Ek sê julle! Daar’s ’n . . . Ek het eenkeer gesê by . . . [Broer Sullivan praat met Broer Branham.] Verskoon my? [Broer Sullivan sê: “Wat dink jy sou hulle met my doen . . .? . . . ”] Ek weet net nie, Broer Sullivan.

13 My ma het altyd ’n losieshuis in Jeffersonville bestuur, en ek het ’n tabernakel net omtrent hierdie grootte, veronderstel ek, daar. Een aand wat ek gepreek het, het ek gesê: “Almal van Kentucky staan op.” Was niemand wat gaan sit het nie, almal . . . En ek het gesê: “Wel, Kentuckiërs, en grondmarmotte het die land ingeneem sonder om ’n skoot te skiet.” Ek het gesê: “Hulle—hulle het regtig net ingekom, reguit oorgekom en dit ingeneem. Wel,” het ek gesê: “hulle moes ’n paar sendelinge hiernatoe stuur

van iewers af so, dis mooi . . . van . . . ” Ek praat nou nie van Ohio nie. Nou, wag ’n oomblik, ek praat van Indiana, onder in Indiana.

14 Wel, waar jy ook al gaan, om die wêreld, vind jy dat God se mense altyd omtrent dieselfde is. Ek het opgelet onder in Afrika, en die ander lande waar ek was, party van daardie mense sou nie eens weet wat regter- en linkerhand is nie, maar julle weet wat gebeur wanneer hulle die Heilige Gees kry, wat hulle doen? Dieselfde ding wat julle doen wanneer julle die Heilige Gees kry, maak net so. En hulle sal—hulle sal in tale praat.

15 En hulle, jy sou dink as hulle self gepraat het, wanneer jy hulle taal sou hoor, soos miskien, daar’s een soort daar waaroor ek altyd verstom was, hulle klik soort van met hulle tong terwyl hulle praat, ek dink dit word Basoetoe genoem, ek dink dit is, nee, Xhosa. En as jy net “Xhosa” sê, is dit nie reg nie. Jy moet dit klik, *Xhosa*, soos *Xhosa*. En alles wat jy sê het ’n klik, maar wanneer hulle in tale begin praat, praat hulle partymaal Engels. Sien? En net, julle . . . net wanneer die mense in daardie heidense lande die Heilige Gees ontvang, maak hulle net soos enigiemand anders, maak nie saak waar dit is nie, hulle . . . Dit wys dis vir “wie ook al wil, mag kom.”

16 Nou, ons, baie van ons broers staan nou, en ek—ek het soort van . . . voel jammer, wens dat ek vir hulle ’n plek kon gee om te sit, maar ons het dit net nie. So ek sal, sal nie langer as drie uur praat, of so-iets nie, reken ek. En ek het net geterg. Maar net sodra ons kan hê . . . voel die Here ons seën, en sê dis voldoende, wel dan, sou ons wil, sal ons verdaag. Maar om hierdie tyd van gemeenskap hier te hê, ’n man weet net nie waar om te begin nie, dis net so wonderlik en goed.

17 Het groot dienste op die Weskus gehad, soos ek gesê het. Die Here het kragdadig geseën buite op die Weskus hierdie keer, ek het opgekom rondom Visalia, daarbo, en dis Bakersfield, en Fresno, en daardeur, hulle was regtig mense met honger harte daar deur daardie valleie. Ek glo die rede waarom ek—ek honger is, is omdat God Sy Kerk byeen roep, deur te eet van die Woord van God.

18 Nou, voor ons begin, behoort ons met die Outeur te praat, dink ek, voor ons Sy Woord lees. Dink julle nie so nie? So laat ons nou ons hoofde buig, en al ons kinderlike goedjies opsy sit, en kyk na die ernstigste, heilige deel, die Woord.

19 Ons Hemelse Vader, soos ons hier vergader is, vanaand, in hierdie kerk, die kerk oor wie U Naam uitgeroep is, die mense wie uitgeroep is deur U Naam wat hier vergader is. En U het vir ons ’n belofte gemaak in U Ewige Woord: “As die mense oor wie My Naam uitgeroep is, hulleself sal vergader en bid, dan sal Ek uit die Hemel hoor.” Nou, dis U belofte, en ons weet dat U al U beloftes aan U mense hou. Ons dank U vir die kerk, en vir elke persoon wat hier verteenwoordig is, en elke kerk wat

verteenwoordig is. En ons bid, Here, dat U ons saam sal seën as U gelowige kinders.

20 Vanaand, sou ons vra, veral, vir ons genadige, getroue Broer Sullivan, dat U hom uitermatiglik, oorvloediglik sal seën, siende dat sy hartsbegeerte is om U te dien, en om iets vir U te doen, en om al sy ure vir die Koninkryk te laat tel, predikers in die stad in te bring, verskillende predikers met verskillende soorte bedienings, dat hulle die doel mag dien, en hy die kudde kan voed waaroor die Heilige Gees hom as opsiener gemaak het. Ons dank U hiervoor.

21 En soos dit nou ons keuse is, as dit U wil is om die kudde vir die volgende vier of vyf dae hier te voed, bid ons dat die Heilige Gees die—die Skaapkos sal voorsien, die Woord, bring Dit voort met krag en manifestasies van die Heilige Gees. Seën ons soos ons op U wag. Red almal wat redbaar is, Here, vul die gelowige wat geduldig wag om die Heilige Gees te ontvang, ons bid dat U elkeen in daardie toestand vanaand hier sal laat weggaan, gelukkig, beide gered en vervul met die Gees.

22 Genees die siekes, Here. U het ons die opdrag gegee, "Gaan in die stad in, genees die siekes wat in die. . . daardie stad is, of, en preek dat die Koninkryk op hande is." God ons bid dat U hierdie dinge aan ons sal skenk as U diensknegte, as U ambassadeurs, want ons glo wel dat die Koninkryk op hande is. En help ons om daardie Woord voort te bring op daardie manier, dat mense kan sien, en in U glo. En op daardie groot Afrekeningsdag wat vir almal kom, mag, as gevolg van ons pogings, daar letterlik honderde daar sal staan, verlos deur die Bloed, as gevolg van die pogings wat ons nou probeer aanwend.

23 Vader, soos ons vergader, praat ons soos kinders, is ons gelukkig. En nou bid ons dat U ons dit sal laat opsy sit, en in die Koninkrykswerk inbeweeg, en onderdanig sal wees aan die Heilige Gees. Want ons vra dit, in Jesus' Naam, en om Sy ontwil. Amen.

24 Nou, as 'n klein konteks, mag ek julle aandag vestig op Een Korinthiërs, die 14de hoofstuk, en die 8ste vers:

> *Want as die basuin 'n onduidelike klank gee, wie sal hom gereedmaak vir die oorlog?*

25 Ons lewe in 'n onseker tyd. Omtrent alles waarna ons vandag kyk, is onseker. Ons lewe in 'n tyd wanneer, lyk asof, jy kwalik jou hand op enigiets kan sit wat seker is. Ons nasionale veiligheid, baie onseker, ons vind dit daarin, waarom ons. . . die hele, ek sê die internasionale veiligheid, omdat ons net aan die einde van die eeu is.

26 'n Paar dae gelede in Kalifornië was daar 'n—'n boodskap wat gegee is toe 'n Baptiste broer kom neerlê het, of, my hand geskud het, na die Sakemanne se byeenkoms by die—by die Clifton se Kafeteria ontbyt. Dis Marilyn Monroe se broer, dink ek was dit,

die filmster. Hy’s ’n Baptis, en hy het begin om my hand te skud, toe hy het, het hy begin praat in onbekende tale. En daar was toevallig teenwoordig, ’n vrou van Louisiana, en sy het Frans verstaan, en sy het gesê: “Die kêrel het Frans gepraat.”

Hy het gesê: “Ek ken nie een woord Frans nie.”

27 En toe, toe sy die vertaling gegee het van wat hy gesê het, was die tolk van die VN daar, en na die dame toe gekom, en na die—die Sakemanne, en gesê: “Die dame het presies reg vertaal.” Gesê hy tolk by die VN. ’n Boodskap vir my gegee.

28 En toe, ek glo dit was die senator van een of ander staat wat net met Broer Shakarian gepraat het, en bo in Groenland waar hierdie volk voorberei is vanaf Groenland om die aarde te vernietig met atoomwapens, net een druk en enige nasie sal reg van die aarde afgaan. Sien, die enigste ding wat ons hoor is net: “Hulle het ’n bom wat *sekere-sekere* goed sal doen,” maar hulle het dit groter as dit, julle weet. Hulle doen nie . . . Jy laat nie jou, al jou geheime uit wanneer dit in nasionale belang is nie.

29 En hierdie man kom na Miami in Julie, waar ek ’n diens by Miami, Florida gaan hou. En daar het ’n—’n missiel op die skerm beland en hulle, iets op die skerm, en hierdie man het bevele gehad om ’n hefboom te trek, en dit sou *dit* wees. Maar hy het self gesê dat hy dit nie kon trek nie, wat sou losgelaat het, ek weet nie hoeveel groot vuurpyle van bomme en wat ook al, en die stryd sou gewees het nie. Maar *iets* wou hom dit nie laat trek nie. Ek wonder of dit God was, dat daar iemand hier is wat nog nie gered is nie, dat dit net nie kan gebeur voordat dit plaasvind nie. Dit wys net hoe naby ons is.

30 Sien, die Engel het vir Lot gesê: “Gaan hier uit, want Ek kan niks doen, totdat jy hiernatoe gekom het nie.” Hy moet eers uitkom, voor hy enigiets daaraan kan doen.

31 So jare gelede, het die groot nasies oorheers, hulle wat groot skepe en baie manne gehad het, soos China, en Rusland, en Verenigde State, hulle was die nasies wat oorheers het, dis nie meer nie, enige volkie kan net die hele aarde vernietig. So, dis nie meer in grootte daarvan nie, dit wag net vir die tyd.

32 Nou, laat ons nie te ligtelik daarna kyk nie. “O,” sê jy: “Broer Branham, ek het—ek het al sulke dinge soos daardie gehoor.” Ek weet dit, maar jy gaan dit eenkeer, vir die laaste keer, hoor. En al die res so naby, ek luister net omtrent enige tyd daarvoor. En watter soort mense behoort ons te wees in hierdie tyd? Die sondaar behoort uit te roep om genade, en die Christen behoort die lof van God uit te roep. Reg.

33 Iemand het eenkeer gesê, gesê: “Broer Branham, jy maak mense bang deur te sê Jesus kom so gou. Wel, dis ’n verskriklike ding om te dink dat ons wêreld aan die einde kom!”

34 Ek het gesê: "Nie vir die Christen nie, dis die wonderlikste ding wat hy op sy gedagte kan hê, net om te dink dat ons Here enige tyd mag kom. Dit sal dan alles verander word, dit sal verby wees."

35 Ek dink die manne het 'n boekie hier wat die Sakemanne gedruk het, die visioen wat die Here my net onlangs gegee het. Ek hoop julle kan dit lees.

36 Ja, Paulus het gesê: "Ek het 'n goeie stryd gestry, en die wedloop voltooi, en die geloof behou. Voortaan is daar vir my 'n kroon van geregtigheid weggelê, wat die Here, die regverdige Regter, my sal gee op daardie Dag, en nie net vir my nie, maar aan almal wat Sy verskyning *liefhet*." O, wanneer jy die Here liefhet, neem dit al die vrees weg. Jy gaan Hom net ontmoet.

37 Onlangs, toe 'n ou vriend van my, Dr. F. F. Bosworth, gesterf het onder in Miami, het ek afgegaan om hom te sien. Hy was omtrent, baie naby aan negentig jaar oud. En ek het vir hom gesê, ek het gesê: "Broer Bosworth, wat was die gelukkigste tyd van jou lewe? Jy het nou gepreek vir omtrent vyf-en-vyftig of sestig jaar."

Hy het gesê: "Hierdie is die glorierykste uur waarin ek ooit gelewe het."

En ek het gesê: "Wat sou . . .? Hoekom sou jy dit sê?" Net die ou gelowige bevraagteken.

38 Hy het gesê: "Broer Branham, al waarvoor ek gelewe het vandat ek 'n jong man was, was Jesus Christus." En hy het gesê: "Omtrent enige oomblik, verwag ek dat Hy by die deur gaan inkom om my saam met Hom te neem." Gesê: "Dis die wonderlikste! Al wat ek ooit kon dink, of die wonderlikste verwagtinge wat ek ooit kon hê, is om te weet dat ek nou binnekort in die hande van my Here sal wees, om vir altyd by Hom te wees." Dis ware Christen wat sterf, dis nie ware Christen wat sterf nie, dis ware Christen wat gaan-om-by-Hom-te-wees.

39 Soos Paul Rader gesê het, toe hy op sterwe was, Los Angeles, soos wat ons dood noem, het hy sy broer, Luke, geroep, hy het gesê: "Dink daaraan, Luke, ons was 'n lang tyd saam, maar," gesê: "binne vyf minute van nou af, sal ek in die Teenwoordigheid van Jesus Christus staan, geklee in Sy geregtigheid." Sy broer se hand gedruk, en Hom tegemoet gegaan. O, dit laat my dink aan Longfellow se *Psalm Van die Lewe*:

> Lewens van groot manne herinner ons almal
> En ons kan ons lewens groot maak,
> Met afskeid, agter ons laat,
> Voetspore op die sand van die tyd.

Hoe bemoedig dit die Christen!

40 Ek het 'n boek gehad, ek veronderstel ek het dit iewers by die huis, van groot manne, laaste woorde voor hulle die wêreld

verlaat het, beide sondaar en gelowige. Ek het Dwight Moody s’n, en baie van die ander groot gelowiges wat die wêreld verlaat het. Moody, toe die dood hom getref het, het hy gesê: “En julle noem dit die dood?” Hy het gesê: “Hierdie is my kroningsdag.”

41 En koninginne, een koningin van Engeland, baie boos, gesê dat sy haar koninkryk sou gee vir nog vyftien minute van die lewe. Sien, aan die einde van die pad tel dit. En dis waar ons is, aan die einde van die pad.

42 Daar’s geen sekerheid meer in nasionale veiligheid nie, want jy kan nie ver genoeg onder die aarde grawe, keer dat hulle jou uitblaas nie, jy kan nie, daar’s niks om te doen nie, ons is net aan die einde van die pad. En ons neem dan, en sommige van die ander dinge, daar’s geen sekerheid nie.

43 Ek het gehoor op die nuusuitsending wat hier opkom, dat daar nou meer werklose mense is, as wat daar was gedurende die tyd van—van President Hoover se depressietyd, meer werklose mense as wat daar was gedurende sy administrasie, en gedurende die tyd van 1930, daarrond.

44 Baie van ons van daardie ouderdom, onthou dit, toe ons ’n bietjie sou eet, ’n bietjie aartappels met skille aan, en skil en al sou eet, want het hulle net nou en dan gekry, en hulle vir ontbyt, middagete, en aandete geëet. Hoe swaar was dit nie! En nou, omdat hulle dit kan sê, daar is amper ’n derde meer mense in die Verenigde State, as wat daar toe was.

45 En nou die dag, in Richmond ingekom, Louisville, en baie plekke, julle weet hoe ek dink dis sommige van ons leierskap wat dit veroorsaak, siende dat daar op die straathoek, vrouepolisie is. Wat maak ’n vrou, wat ’n polisieman is, om te stoei met dronkaards, en dinge, daarbuite? Dit behoort ’n man se werk te wees. As hulle party van hierdie vroue terugsit in die kombuis waar hulle hoort, mans meer werke sou hê, sou daar meer van hulle wees. Maar hulle . . . Dis net daardie uur egter, werkloos, geen tyd nie, daar is niks oor, kwalik om, behalwe die koms van die Here, om alle dinge reg te stel nie. Werke!

46 Huislewe is onseker. Ons het nog nooit ’n tyd gehad wanneer ons soveel egskeidings in vredestyd gehad het, as wat ons nou het nie. Ons huislewe is opgebreek. Jare gelede, was dit altyd dat—dat ma en pa tuis was in die aand, as dit nie vir kerktye was, of iets nie. En hulle het nooit hulle kinders in die strate laat ronddwaal, en heelnag lank laat rondloop nie, en deesdae blyk dit soort van ’n gewilde opinie te wees.

47 O, hoe gaan jy net na die moderne huis toe vandag, kyk wat dit is, Pappa, hy moet gou na die potspelkamer toe gaan, die kêrels speel potspel, of hulle speel kegels, of iets, hy en Ma; suster is by die kantien, iewers, of uit na een of ander ruk-en-rol partytjie; Junior het die renmotor, om te kyk hoeveel hy kan omry, en dis omtrent die huislewe. En die Bybel? O, dis ’n groot

Boek, maar Dit word iewers in 'n laai gesit, totdat Pastoor inkom, of iemand. En ons het net nie die huislewe wat ons altyd gehad het nie. Dis 'n. . . Huislewe is so onseker.

48 'n Man, deesdae, wat trou, julle jong kêrels, julle beter 'n lang tyd bid, God vra om vir julle 'n metgesel te gee, julle jong vroue, net so, want dit is *so* onseker. Kalifornië, vind ek daar oorkant uit, dat ek—ek dink dit was óf vyftien, óf twintig persent, iets soos daardie, van perversie, het perverte mense toegeneem in die laaste jaar of twee. O, dis—dis verskriklik! En die huislewe is onseker.

49 Politiek, onseker, daar's geen sekerheid meer in politiek nie. Die partye kan nie eens enige sekerheid hê nie; daar is nie meer enige regverdigheid onder hulle nie. Nou, iemand mag sê: "Jy behoort nie politiek op die preekstoel te noem nie." Dit is waar. Maar ordentlikheid en Christelikheid behoort op die preekstoel genoem te word. Dis reg. Ek, nie 'n politikus nie, ek's 'n Christen. Albei kante is korrup.

50 Maar net onlangs, in die Presidensiële verkiesing, moes selfs hulle teruggaan en hierdie stemmasjiene vind, dat wanneer jy sou. . . hulle so gestel is dat wanneer jy vir een stem, jy—jy ook vir die ander een sou moes stem, skelm. Weet nie wie verkies is nie, hulle kan nie meer sê nie, geen sekerheid daarin nie. Jy laat hulle sit om die stemme te tel, en iemand is skelm genoeg om hulle op die verkeerde manier te tel. Partye, wat druk om hulle manne in te kry, geen eerlikheid nie.

51 Nou, as Mnr. Kennedy 'n Republikein sou gewees het, of—of wat ook al, Demokraat, Mnr. Nixon, het geen verskil gemaak nie, die ding is verkeerd wanneer masjiene opgestel is om verkeerd te stem. En die FBI het bewys dat dit gedoen is, maar hulle het niks daaraan gedoen nie. Sien? Hoekom? Julle wonder hoekom sulke dinge by die mense verbygaan, hoe dit ooit gebeur. Dis omdat hierdie dinge moet wees, ons is by die eindtyd, dit moet daar wees, hierdie man moes gekies word, ons is aan die einde. En ek is seker julle kan twee en twee vier laat maak, dat ons by die eindtyd is. En hierdie masjiene, maak nie saak hoeveel hulle sou bewys dat hulle dit *verdraai* het nie, dit moet bly soos dit is.

52 En iemand het vir my gesê, 'n prediker het my gebel, een van die borge van die volgende byeenkoms, een van die volgende byeenkomste in die nasie, gesê: "Ek hoor dat jy, soveel preek teen die susters in ons kerk wat hulle hare sny, en—en kortbroek dra, en dinge."

Ek het gesê: "Ek doen dit." Ek het gesê: "Nou, as—as jy nie daarna wil luister nie, moet my dan nie laat kom nie." Sien?

En hy het gesê: "Dink jy jy sal dit ooit stop?"

Ek het gesê: "Nee. Glo jy jy sal ooit sonde stop?"

Hy het gesê: "Nee."

53 Ek het gesê: “Wel, waarom preek jy dan daarteen?” Sien? Wat verkeerd is, is verkeerd, iemand moet daarteen blaas. Reg. Vertel die waarheid, want wanneer die toorn van God uitgestort is, dan sal jy nie . . . sal julle sonder ’n verskoning wees.

Ja, polities, politiek, werk, nasionale veiligheid, alles is onseker.

54 Nou kom ons af na die kerk toe. Die kerk, *sogenaamd*, is onseker. Nou, ons het omtrent negehonderd verskillende denominasies in die, hierdie Verenigde State, nou, en elkeen teen die ander een, so waar weet jy wat . . . wat weet jy wat om daaromtrent te doen? Jy’s net . . . Dis net die eindtyd, ons is by die doodloopstraat.

55 En soveel as wat ek hulle respekteer, elkeen van hulle, ek sou liewer ’n Metodis *hier* wou hê, ’n Baptis *daar*, ’n Presbiteriaan *hier*, ensovoorts, en hulle regoor die land hê, as om dranksmokkelhuise te hê, en hole, en dinge, hulle sal ’n bietjie help, maak nie saak waar hulle is nie, as dit klein sendingstasies is, en—en . . . Soos iemand gesê het, en ek hoop ek maak nie enigiemand se gevoelens seer nie, toe iemand gesê het: “Ek sal liewer ’n—’n Campbelliet [Campbellite-Campbellig in Eng.—Vert.] wees as om glad geen *Lig* te hê nie.” So, ek reken dis omtrent reg. Nou, maak nie saak wat dit is nie, hulle sal ’n —’n bietjie help, en ons het hulle almal nodig.

56 Maar dit was nie God se program nie, dit was ons program, om ons kerke en denominasies te maak, ons het dit in die tuin van Eden probeer, dis so oud soos Eden was. *Godsdiens* beteken “’n bedekking.” En Adam het homself probeer bedek om sy eie weg te maak, homself te bedek, maar dit het nie gewerk nie.

57 Daar’s net een plek waar God ooit die mens ontmoet, dis nie in sy geleerdheid nie, dis nie in sy denominasie, sy affiliasie nie, dis onder die bloed. En dis die enigste plek wat God ooit het, of ooit die mensdom sal ontmoet, is onder die bloed, dis die plek. God het die program neergelê in die tuin van Eden deur die gestorte bloed.

58 En as God ooit ’n besluit neem, kan Hy dit nooit verander nie, want Hy’s volmaak, en alles wat Hy doen en sê, is volmaak. Daarom kan Hy nie Sy program verander solank daar ’n wêreld is en solank daar ’n sondaar is nie, daar is net een manier, van die tuin van Eden af, toe sonde die eerste keer gedoen is, totdat die laaste sonde gedoen sal word, daar’s net een plan van verlossing, dis deur die gestorte bloed, niks anders sal werk nie, ons geloofsbelydenisse, ons denominasies, en alles het ’n rol gespeel, en ’n goeie rol, maar dit is nie God se program nie, Sy program is terug na die bloed.

59 So kerke het ook onseker klanke, een van hulle sê: “Die dae van wonderwerke is verby.” Dis baie onseker teenoor die Bybel. Sien? Die ander een sê, wel, verskillende dinge en: “Jy

moet *hierdie* geloofsbelydenis opsê, en jy moet *dit*, en *dat* doen," ensovoorts. Wel, so onseker, omdat daar te veel van hulle is, hulle maak al—al—allerhande verskillende dinge teen mekaar op, een teenstrydig *hiermee* en teenstrydig *daarmee*, en omtrent vyf-en-negentig persent daarvan teenstrydig met die Bybel.

60 So, daar's 'n onseker klank onder die kerke, onder politiek, onder huise; alles blyk onseker te wees.

61 Nou, die Bybel het gesê, hier, in Twee Timótheüs 3:7, dat hierdie dae sou kom, Dit het gesê dat hulle roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot sou wees as die liefhebbers van God, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God. Nou, dit is reg. Die televisie het in die huis ingekom en mense weggehou van die biduur, dit het 'n aantrekkingskrag daaraan wat aantreklik en mooi is.

62 En ek sê nie dat sommige van hulle programme nie goed is nie, daar's baie daarvan wat nie is nie, ons weet dit. Maar ek nie . . . Ja, nege-en-negentig persent daarvan is nie goed nie, maar sê daar sal een persent daarvan wees. Wel, wat jy in daardie een persent kry, sou jy graag daardie een persent wou opgee vir die Kerk van die lewende God, waar dit 'n honderd persent reg is, wegbly op Woensdagaand van biduur af?

63 Maar sonde is aantreklik, op enige manier wat jy daarna kyk, sonde is aantreklik vir die menslike wese, want hy's 'n deel van—van die gevalle ras wat ons is. En dis aantreklik, Satan weet hoe om dit aantreklik te maak, hy's 'n—hy's 'n genie in sy werk. En hy, en as hy dit nie daarbuite in die wêreldse dinge kan kry nie, bring hy dit reg in die kerk in, kom hy reg oor op ons eie grond. Dis waarom, broers, susters, ons hom moet herken. Dis tyd dat die Kerk geestelik was om God te herken, te ken, nie deur geloofsbelydenis nie, nie deur denominasie nie, maar deur ondervinding, gevul te wees met die Heilige Gees.

64 'n Paar dae gelede, oorkant in Kalifornië, ek het pas van Beaumont af gekom, verskillende plekke, waar ons dienste gehou het, en die salwing van die Heilige Gees was groot op my op die tyd, soos dit op julle kom, en die res van ons, en jy kon uitstap op die straat en net die druk voel. Nou, as jy nie daardie salwing op jou het nie, jy nie veel aandag daaraan gee nie, gaan jy net aan. Luister, kerk, dis waarom iemand dink ek is baie hard op hulle, dis nie dit nie, ek wil nie rof wees met mense nie. Maar as jy net afkom onder die salwing, na waar jy die Teenwoordigheid van God kan voel, dan in die teenwoordigheid van sonde instap, draai dit jou om, en jy kan nie stilbly nie, moet iets sê, en dis die salwing van die Heilige Gees.

65 En wanneer jy vir mense sê: "Is jy 'n Christen?" Wel, vinnig sal hulle vir jou sê hulle behoort aan 'n sekere denominasie, of 'n organisasie, sien, en hulle is—hulle is tevrede daarmee. Hulle dink blykbaar dat dit al is wat nodig is, dis al wat moet

wees, as hulle aan ’n—’n sekere organisasie behoort, dis al wat hulle hoef te doen. Wel, dit was altyd dat ons daardie mense die koue, formele Baptiste, en Metodiste genoem het, maar nou is dit die koue, formele Pinksters wat ook so is. Dis—dis in die Pinksterkerk, elkeen wil sê: “Ek behoort *hieraan*,” of: “Ek. . . ” en dis alles reg, ek veroordeel dit nie, dis goed. Maar wat jy wil wees, as jy Pinkster bely, Pinkster is ’n ondervinding waar ’n man of ’n vrou, seun of dogter wat wedergebore is met ’n Pinkster ondervinding van die Heilige Gees.

66 En sodra jy dit ontvang, lyk dit of die hele wêreld se las op jou lê. O, jy trek onder dieselfde juk as Christus. En dit het trane in Sy oë gebring, en verdriet, selfs die dood na Sy liggaam, toe die wêreld in *daardie* dag so sondig was. Wat dink julle doen dit vandag?

67 Ek was in ’n plek, ek dink dit was in Athene, of iewers, en ek—ek het ’n—’n foto gesien, soos ’n bord, op ’n muur. Nee, ek’s—ek’s jammer, ek het dit op ’n—op ’n opname of ’n rolprent van die beroemde rolprent van *Drie Minute Voor Middernag,* wat die wetenskap sê dis waar ons lewe, drie minute voor middernag, en dit is omtrent drie, of vier, of vyf jaar gelede gesê, ek glo ons is nou in die sekondes, van die wegtik van die tyd. Nou, ek kan verkeerd wees, maar dit lyk net so vir my. En hulle het ’n foto van Christus gehad, soos, op ’n bord, en traandruppels, soos Hy afgekyk het op die aarde, het van Sy gesig afgedrup.

68 Ek wonder of dit nie net omtrent is soos dit was in die dae van Noag, toe God gesê het dit het Hom selfs bedroef dat Hy die mens gemaak het nie. Ek wonder of dit nie weer omtrent daardie plek bereik het vanaand, dat die einste mens wat Hy geskep het, en Homself voor gegee het, en verlos dat. . . om daardie man te verlos, en hy gooi dit terug in Sy gesig.

69 Hierdie verskriklike eeu waarin ons lewe, om net by die kerk aan te sluit, dis (As jy dink dat jy ’n Christen is, en iets vir jou gesê het, jy was ’n Christen omdat jy ’n belydenis gemaak het, en by die kerk aangesluit het, is dit ’n onseker klank.), dis waarom vandag, mense nie geïnteresseerd is in ’n herlewing nie, dis waarom die wêreld dit nie wil hê nie. Ons moet ’n sekere klank daarby hê, ’n seker klank.

70 En die rede, vandag, dat wanneer ons ’n uitgerekte diens het, of byeenkoms, hulle nie die regte seker klank kry nie. Maar toe hulle ’n herlewing gehad het op die Dag van Pinkster, het daar ’n seker geluid uit die Hemel gekom, soos ’n geweldige rukwind wat die hele huis gevul het waar hulle gesit het, wat ’n seker geluid was, dit was ’n—’n bewys dat God in hulle midde was.

71 Die kerk vandag, dit net soos dit was in—in Eden, aan die oostekant van die poort, daar was Kain, hy het ’n—’n altaar gemaak, hy het dit daar gebou, en opgerig ter herdenking van Jehova. Hy was nie ’n ongelowige nie, hy het die altaar gemaak

en, ter nagedagtenis van Jehova, en 'n offerande daarop gesit, en homself op die altaar gelê, en uitgeroep na God. En God het sy uitroep geweier, omdat dit nie die regte klank gehad het nie, daar was niks daar om uit te roep, wat sterwend was nie, daar was niks, geen dood om Hom te paai nie. Daar moes vir daardie sonde betaal word met die dood: "Die dag wat julle daarvan eet, daardie dag sterf julle." En hy het blomme gesit, en dit mooi gemaak, maar daar was niks daar om te sê dat daar dood was nie.

En van die altaar van Abel af het die geblêr van 'n lam gekom, daar was dood om die boete te betaal, bloed is gestort.

72 En vandag, wanneer God, net soos dit was in daardie dag toe Hy vir Kain gesê het. Kain was mismoedig, hy het gesê: "*Hier* is die beste wat ek kan doen, U kan dit neem of dit los, doen enigiets wat U wil daarmee, maar dis al wat ek daaraan kan doen."

73 Dis hoe die moderne Christen vandag aanbid, "Ek gaan kerk toe, ek help die predikers, ek betaal my tiendes, ek—ek—ek... As hulle in 'n sosiale partytjie beland het, het ek—ek—ek my deel daarvan bygedra, en as—as hulle 'n sendingoffer nodig het, help ek—ek daarmee." Dis goed, maar dis nie wat God vereis nie, Hy moet die geluid van die dood hoor. Prys God!

74 Wat God vandag wil hê, is *jy* moet sterf, sterf vir die dinge van die wêreld, en jouself, 'n kreet hoor: "Here, neem my soos ek is!" Dis wat God wil hê, Hy wil daardie klank van die dood hê, daardie doodsroggel van die ou-man Adam, wat sterf, dat Hy mag inkom en Sy plek inneem, en jou regeer, en jou Here wees. O, wat 'n tyd waarin ons lewe!

75 Nou, ons sien God het vir Kain gesê, Hy het gesê: "Gaan voort en aanbid soos jou broer, Abel, en jy sal goed vaar. Gaan voort en doen soos wat hy doen, dit sal alles reg wees vir jou." Maar as hy nie het nie, het sonde voor die deur gelê, en dieselfde ding vandag. So, ons vind dat daar geen seker klank vir die kerk, die *sogenaamde* Kerk, is nie.

76 Nou, die kerk, ons maak die kerk vandag, wat die *Kerk* genoem word, 'n organisasie, ons sê dis die Kerk. "Uh, aan watter kerk behoort jy?" Wel, daar's net een Kerk, daar's net een. Daar's baie organisasies, maar een Kerk, baie organisasies. En soos ek, dit wil duidelik maak, ek het niks teen hulle nie, hulle het 'n groot rol gespeel, maar dis nog nie dit nie, dis nie dit nie.

77 Twee...Die *kerk* beteken "die uitgeroeptes, die afgesonderdes." En twee mense kan nie terselfdertyd in jou lewe nie, jy moet uitsterf vir die dinge van die wêreld om God te dien. Jy kan nie God en mammon op dieselfde tyd liefhê nie. En solank die liefde van die wêreld in die—die—die gelowige se hart is, verdring en ontneem hy homself van die voorregte wat God hom gegee het. God wil nie hê jy moet minderbevoorreg wees nie, Hy wil hê jy moet elke voorreg hê waarvoor Hy gesterf het,

elke voorreg wat Hy vir die Kerk gegee het, Hy wil hê jy moet dit geniet, dis joune.

78 Wat as ek vir my seuntjie ’n fiets gekoop het, of, en hy sou dit teruggooi in my gesig, en sê: “Ek wil nie die ding hê nie”? Ongewaardeer. Wat as jy vir jou dogtertjie ’n—’n poppie gekoop het, en sy het dit opgetel en dit na jou toe teruggegooi? Ondankbaar. Julle sien, dis hoe ons is, wanneer ons probeer lewe onder die voorregte wat God ons gegee het. Christus het gesterf sodat ons hierdie voorregte kon hê. O, hoe moet Hy vandag voel wanneer ons een of ander ander program aangeneem het, en die Heilige Gees teruggegooi het in Sy gesig, en sê: “Ons het nie meer daardie fanatisme nodig nie, ek sal net by die kerk aansluit. Ek—ek’s ’n . . . !”

79 Jy kan nie by die Kerk aansluit nie, daar’s glad nie soiets soos by die Kerk aansluit nie. Jy—jy mag by ’n organisasie aansluit, maar jy kan nie by die Kerk aansluit nie, want jy moet in die Kerk ingebore word, jy kan nie Daarby aansluit nie, jy moet Daar ingebore word. En alle gelowiges word gebore in die Kerk van God, die Kerk van, nie die organisasie Kerk van God nie, maar die Kerk van die lewende God, wat Christus is, wat opgewek is uit die dood, en onder ons lewe. Dis . . .

80 Nou, dan is daar onseker klanke wanneer hulle sê: “Ek is Pinkster Gemeentes. Ek is Pinkster Verenig. Ek’s Pinkster Kerk van God. Ek is Pinkster Heiligheid. Ek’s Metodis. Ek’s Baptis. Ek’s Presbiteriaan.” Al daardie dinge, hulle is reg, sover as wat dit daardie betref.

81 Ek bedoel nie om ontheiligend te wees deur dit te sê nie, die ou gekleurde kêrel, wat waatlemoen geëet het, hulle het hom ’n sny daarvan gegee, dit alles voorberei, en hy het dit geëet, en dit het net afgegly daardeur soos *daardie*, en die sade uit die kant van sy mond geslaan, gesê: “Hoe het jy daarvan gehou Mose?”

82 Hy het gekyk na die ander groot deel daarvan, julle weet, waaruit daardie een klein stukkie gekom het, hy het gesê: “Baas, dit was lekker, maar daar’s nog daarvan.” So dis hoe dit is, hierdie organisasies is goed, maar daar’s meer daarvan, meer daarvan. Dis wat ons wil hê, meer daarvan, ja.

83 “Wat altyd leer, nooit in staat om tot die kennis van die waarheid te kom nie. Roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God, verraaiers, kwaadsprekers, onversoenlik, en sonder liefde vir die goeie.” Het julle dit opgelet? Aan die begin van die hoofstuk, gesê: “Die Gees spreek uitdruklik, dat in die laaste dae,” dit die toestand sou wees. “In die laaste dae, sou mense liefhebbers van hulleself wees, trotsaards, grootpraters, godslasteraars,” o: “onheilig, sonder natuurlike liefde,” nie eers natuurlike liefde nie, “verraaiers, kwaadsprekers, onversoenlik, en sonder liefde van die goeie, wat ’n gedaante van godsaligheid het,” nou, dit is God se Woord, en

Dit moet vervul word: "wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën."

84 Sien julle nie, hulle het daardie seker klank verlaat, hulle het 'n onseker klank aangeneem. Ingekom, en gesê: "Die . . . Ons het by die kerk aangesluit, ons is gedoop, en ons het ons naam op die boek geplaas." Nou, dis onseker klank.

85 En een van die grootste skynheiliges in die wêreld is om 'n klank te hê wat amper soos 'n ware klank is, en net genoeg daarvan het om nie die regte klank te wees nie. Die grootste leuen wat ooit vertel is, is een wat 'n hele klomp waarheid daarin het, en dan reg aan die einde, het dit 'n leuen. Dis hoe Satan vir Eva gesê het, sy is daardeur mislei. Die vrou het nie bedoel om te wees nie, maar sy was mislei omdat dit so eerlik geklink het. Sien?

86 En wanneer hulle vir jou sê, jy kan net by die kerk aansluit en reg wees, of besprinkel word, of 'n sekere ding gedoop word, of *iets* doen, dit sal reg wees, dis—dis nie dit nie, broer, 'n mens moet wedergebore word deur die water, en deur die Gees, en vervul word met die Heilige Gees. Sien? Dan is hy 'n nuwe skepsel, dan het jy 'n seker klank wat reg klink.

87 Nou, wanneer die klank inkom, verander dit die gehoortoestand in jou ore. Sien? Voorheen, kon jy dit nie hoor nie, nou kan jy dit hoor. Iemand wat preek oor Goddelike genesing, die krag van God, jy sou daar sit net onbesnede in die ore soos jy kon wees, kon niks hoor nie, "My pastoor glo dit nie. Ek glo dis fanatisme." Maar wanneer 'n ander geluid kom, soos 'n geweldige rukwind, en daardie ore besny, dan is dit 'n pragtige klank, wanneer jy begin om daardie klank te hoor van die magtige ruk . . .

88 O, voor jy jou kom kry, bring dit fonteine van vreugde na jou siel, en jy skree: "Amen. Dis reg. Preek dit, Broer. Halleluja! Dis goed." Sien? Dan het dit jou aan die gang gekry, jy gaan iewers heen.

89 Maar vandag, is dit net: "Sluit aan by die kerk." Sien, dis 'n onseker klank. "Roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God," dis Twee Timótheüs 3—Twee Timótheüs 3:7: "wat altyd leer, nooit in staat om tot die kennis van die waarheid te kom nie." Sien? Wat altyd leer, altyd leer, broer, ons het kweekskole, en skole, en Ph.D.'s, en Dh.D.'s, en D.D.D.'s, en Q.S.T.'s, en allerhande soorte van alles: "wat altyd leer, maar nooit in staat is om tot die kennis van die waarheid te kom nie." Dis reg. Het 'n doktorsgraad, en ons stuur ons kind weg, en, iewers na—na die kweekskool toe, en kry vir hom 'n yslike groot graad of *so-iets* soos daardie, en hy kom uit en—en hy sou—hy—hy . . . daar is nog altyd iets verkeerd.

90 Jy kan nie . . . Nou, wat ons vandag nodig het, en laat my my stelling regmaak, vandag, en preek, 'n prediker, 'n evangelieprediker, is nie 'n man wat soveel kon wees . . . hy kon

steeds hierdie hê en ’n prediker wees, maar ons vertrou op ’n—’n graad wat ons het, hoe ons ons Baccalaureus Artium gekry het, en hoe ons Bybel geneem het, en *hierdie* geleer het.

91 Die duiwel weet meer van die Bybel as wat julle ooit sal weet, ek sal julle dit nou sê, hy weet alles Daarvan. Diegene, sommige van die beste Bybelstudente wat ek ooit ontmoet het, was ongelowiges, hulle bestudeer Dit net dag en nag, dis reg, om met jou te stry Daaroor. Dit is nie, die Bybel is nie om oor te stry nie, die Bybel moet geleef word. Sien, as jy daardie Saad in onvrugbare grond sit, sal Dit nie lewe nie, maar as jy Dit in die vrugbare grond sit, sal Dit lewe.

92 Het julle gelees, hier nie lank gelede nie, hoe hulle gegaan het en van daardie koring uit die skuur in Egipte gekry het, wat deur Josef daarin gesit is? Het sonneblomsaad vierduisend jaar oud, sonneblomsaad vierduisend jaar oud gekry, dit in die grond geplant, dit het ’n sonneblom voortgebring. Amen. Koring het koring voortgebring. Hoekom? Dit was bevrug, daardie kiem sterf nie, sien, dis daarbinne.

93 Maak nie saak waar hulle jou sit nie, as jy wedergebore, en gevul is met die Heilige Gees, jy mag dalk nie ’n—’n eens ’n. . .genoeg as wees om op jou pinkie te hou nie, maar jy sal weer opkom by die opstanding, omdat jy Lewe het, jy krag ontvang, en, van Bo, en daar’s Lewe in jou. Daar’s ’n klank wat plaasgevind het, ’n klank, ’n seker klank wat jy geweet het wat gebeur het, jy het gesterf en is wedergebore, jy het ’n nuwe skepsel geword.

94 Onseker klanke, onseker klank van die werke, onsekerheid in nasionale sake, onsekerheid in politiek, onsekerheid in die huis, dan mag jy vir my sê: “Broer Branham, jy sê alles is onseker. Is daar nie enigiets wat seker is nie?” Ja, daar’s een ding wat seker is. [Leë kol op band—Red.] . . .?. . .Dis waar vir Ewig. Dis seker vir Ewig. O, jy kan nooit wegkom daarvan nie, dis ’n. . . [Leë kol op band—Red.] . . .hoofstuk, Jesus het gesê, 35ste vers: Hy het gesê: “Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nie verbygaan nie.” Dan is dit seker vir Ewig.

95 Nou, sien, ons kan nie meer vertroue in nasionale sake, en werke, of in politiek, en in ons denominasies, ensovoorts hê nie, maar daar’s een ding wat seker is, dit is God se Woord en God se belofte, wanneer God enigiets sê, handel dit dit vir altyd af.

96 Hier ’n tyd gelede, het hulle probeer sê dat—dat God soveel foute gemaak het. Julle weet, hulle het gesê dat toe Dawid op sy harp gespeel het, wetenskap, absoluut probeer bewys het dat daar nie so-iets soos ’n harp was in die dae van Dawid nie, hulle het geen harpe gehad nie, maar, uiteindelik, het hulle ’n bewys opgegrawe dat daar harpe was.

97 Gesê toe Abraham sy kamele geneem het en afgegaan het in Gerar, hulle het gesê dat daar nooit enige kamele daaronder was

nie, maar hier, net onlangs, het hulle 'n paar bene opgegrawe en gevind daar was kamele daaronder. Sien?

98 So, hulle het gesê dat die Bybel onwaar is, hulle gaan grawe en vind die, wat hulle die tuin van Eden noem, bewys dit was net 'n begin van 'n beskawing, iewers, en toe hulle gegrawe het, die Bybel probeer weerlê het, het hulle opgegrawe die. . . op 'n rots, waar dit geskrywe was, waar Jesaja Hiskía genees het van swere. Net om te bewys dat. . .

99 En hulle het gesê dat die mure van Jérigo nie geval het nie, daar was nie so-iets nie, hulle het oral rondom gegrawe, en daar was nie so-iets soos mure nie. En 'n sekere dokter het soontoe gegaan en ondertoe gegrawe, verder, verder ondertoe, en uitgevind, daar was hulle, twintig of dertig voet onder waar hulle—hulle gegrawe het, en daar was hulle, wat bo-oor mekaar lê, net presies soos die Bybel gesê het. So God was tog reg. Hmm!

100 Hulle het gesê in die verlede, jou groot, oupa, oupagrootjie, as hy 'n kritikus was, het hy gesê: "Daar kan nie 'n koets wees wat ooit kon loop sonder dat 'n perd daaraan gehaak was nie." Maar ons het dit in elk geval. Dis reg. En al hierdie dinge waarvan God gepraat het, hulle is Ewige waarheid.

101 Hier 'n tyd gelede, is dit bevraagteken oor Salomo in die Bybel, toe hy gesê het: "Soos 'n mens in sy hart dink, so is hy." Wel toe, het die wetenskaplike gesê: "Kyk hier, daar's geen verstandelike vermoëns in 'n menslike hart nie, Salomo het sy kop bedoel." Huh! As hy *kop* bedoel het, sou hy gesê het, *kop*, dis reg. Ek—ek glo die Bybel is net presies soos Dit geskryf is. Net, ek glo Dis God se Woord, net, ek glo Dit is God. God is niks beter as Sy Woord nie, jy is niks beter as jou woord nie. Jou eie woord is wat daar gaan staan om jou te oordeel op daardie Dag.

102 Nou, in Chicago omtrent vier jaar gelede, Broer Mattsson-Boze se dogtertjie, Joyce, wat volgende maand gaan trou, pragtige dogtertjie, sy vertel my altyd iets, en lag, het net altyd 'n grappie om my te vertel, sê oor iets wat—wat 'n klein grappie is wat sy oor iets moet maak, en sy sê vir my, sy het gesê: "Het jy gehoor wat in die koerant was vandag?"

En ek het gesê—ek het gesê: "Nou, wag 'n bietjie, Joyce, nou wat—wat gaan jy my nou sê? Wat. . .?"

103 Gesê: "Nee hierdie is nie, Broer Branham," gesê: "ek sal dit vir jou bring, vir jou wys." Gesê: "Ek het jou hoor sê van die mens wat in sy hart dink." Ek het dit in die Bybel gelees. Sy het gesê: "Nou, vandag het hulle dit gevind, en dit bewys, dis nie in die, dis nie in enige ander hart nie, behalwe die menshart, dit is nie in 'n dierhart nie, maar daar's 'n klein kompartementjie in die hart wat die wetenskap sê is die plek waar die siel bly." So daarom was God reg toe Hy gesê het: "Soos 'n mens in sy hart dink." Sien, daar is 'n verstandelike vermoë in die hart.

104 Nou, wanneer jy sê: “Wel nou, ek—ek—ek. . . ” Het julle al ooit. . .? Almal van julle het dit al gehad: tye wat jy sou dink: “Wel, ek—ek weet nie of dit kan gebeur of nie.” En meteens sê *iets* vir jou: “Dit gaan gebeur,” ongeag van wat enigiemand anders sê, jy weet dit gaan gebeur. Ons het almal al daardie ondervindings gehad. Dis wanneer jou hart dink, dis jou hart wat vir jou sê.

105 Nou, die verstand redeneer, maar die hart redeneer nie, dit glo dit net. As ek dit ooit kon tuisbring by een van my gehoor, sou ek ’n ware genesingsdiens hê, as ek ooit my gehoor kon kry om dit te sien, dat dit glad nie is wat jou kop dink nie. Dis waar die duiwel bly, maar hy redeneer dit uit, “Ek—ek’s siek, ek kan nie gesond word nie. Ek—ek het *hierdie*,” of: “ek kan nie gered word nie, ek—ek—ek het te veel gedoen.” Sien, dis die *rede*, maar ons moet redenasies verwerp. Dis reg. Deur ons redenasies te verwerp, glo ons met ons hart.

106 In die tuin van Eden, was die mens verdeel in twee dele, die duiwel het sy kop geneem, en God het sy hart geneem. Die duiwel laat hom na dinge kyk, en sê: “Wel, dit kan net nie gebeur nie, ek kan dit uitredeneer.” En God het sy hart geneem om in sy hart te woon om hom dinge te laat glo waarvan sy kop nie eens weet nie. Dis reg. So dis in jou hart wat jy dink. *Hier* onder, dis waar die regte seker Klank vandaan kom, is uit die hart, dis waar God praat, en *hier* is waar die duiwel vanaf praat. So kom ons verwerp wat die duiwel gesê het, en neem ’n seker Klank, en daardie seker Klank is God wat in ons hart praat, dis waar, God se beloftes.

107 Laat ons net ’n onderhoud voer vir die volgende drie of vier minute, sommige vind wat Sy beloftes geneem het, en of hulle werklikhede was of nie. Hulle het nie oor hulle geredeneer nie. God laat jou aan dinge dink, en dinge doen, wat onredelik is vir die menslike kop. Het julle dit geweet?

108 Hier’s ’n klein seuntjie wat hier sit in ’n stoel, rolstoel, miskien, miskien kon sy mamma en pappa hom gebring het, en hy. . .miskien het die dokters alles vir hom gedoen wat hulle kon doen. Sien? Hy het gesê: “Dis alles verby.” Wel nou, as jy gaan luister na wat hy vir jou sê, dan is dit alles verby, maar as daar iets begin werk *hier* onder, broer, dan is dit—dit anders, dis ’n ander klank.

109 Nou, *hierdie* klank sê: “Dis verby.” Maar *hierdie* klank is ’n seker klank, dit sal *hierdie* een ontken. Nou, hang af van. . .En *hierdie* een sal probeer om *daardie* een te ontken, en andersom. Maar hang af na watter een jy luister.

Soos die Indiaan daardie tyd was, wat gered is. Gesê: “Hoe gaan dit met jou, Hoofman?”

110 Gesê: “Wel, vandat ek gered is, is daar twee honde in my, en,” gesê: “een is wit en een is swart, en die wit een wil hê ek moet die regte ding doen, en die swart een wil hê ek moet die verkeerde ding doen.” Gesê: “Hulle veg die heeltyd.”

Hy het gesê: “Wel, hoe—hoe gaan dit? Watter een wen, Hoofman?”

111 Hy sê: “Hang af van watter een Hoofman die meeste voer.” Wel, dis reg. As jy na die redenasie gaan luister, sal jy altyd *hierdie* kêrel oorwin, maar as jy sal luister na die seker Klank, God se Woord, wat in jou hart werk, sal jy *hierdie* een oorwin. Watter een voer jy?

112 Moenie luister na die onseker klank nie, want ons het absoluut bewys regdeur elke eeu dat God wonderwerke doen, dinge doen waarvan die wetenskap niks weet nie. Dis reg. So moenie jou steur aan wat *hierdie* kêrel sê nie, wanneer *hierdie* kêrel begin praat, laat *hierdie* kêrel uit die pad uitkom. Reg.

113 Nou, ons neem byvoorbeeld, net ’n twee of drie mense in die Bybel wat geluister het, en nooit hulle redenasies uitgespreek het nie, hulle het gespreek met hulle, *hierdie* seker klank.

114 God het Noag ontmoet, en Hy het gesê: “Noag, dit gaan reën, en ek—ek wil hê jy moet nou ’n ark bou, vir die redding van jou huisgesin.” Nou, het julle geweet dit het nooit ’n druppel op die aarde gereën tot daardie tyd nie? Daar was nog nooit enige reën gewees nie. Nou, kan julle julle voorstel, toe wetenskap . . .? Julle sê: “Daar was geen . . . ” O ja, daar was, ook, hulle het uit die lyn van Kain gekom, ja, meneer, groot wetenskaplikes, ver bokant wat ons vandag het, groter wetenskap.

115 Hulle het die Sfinks en die piramides gebou in daardie dae, ons kan dit nie vandag doen nie. Hulle het materiale gehad wat was, en hulle het kragte gehad wat bokant enigiets was wat ons het, behalwe as dit die atoom is, hulle het dit gebruik. En hulle het dinge gedoen waarvan ons niks weet nie. Hulle kon ’n mummie maak in daardie dae, ons kon dit nie vandag doen as ons moes nie, nie so-iets wat vandag ’n mummie kan maak nie, maar hulle het. Sien? Hulle kon op so ’n manier balsem en hulle natuurlik laat lyk reg tot vandag toe, duisende jare later, ons het dit nie. Hulle het kleurstof gehad wat sou hou, en net baie dinge daar wat ons nie het nie, hulle wetenskap was gevorderd teenoor ons s’n.

116 Nou, die wetenskap mag gesê het: “Nou, ek wil vir jou iets vra. Waar in die wêreld kom daardie water vandaan? Ek kan sien tot by die sterre, ek kan al die pad na die maan toe sien, ek kan al die pad na die son toe sien, ons het instrumente hier wat ’n boodskap na die maan toe kan stuur, ons kan na die sterre toe gaan, ons gaan na Mars toe, dinge soos daardie, sê vir my waar die water is, asseblief, Mnr. Noag.”

117 “Wel, ek sal jou sê, ek het eendag ’n Klank gehoor, en Dit was die Stem van God wat vir my gesê het om ’n ark te bou. En ek . . . Net so seker as wat daar ’n wêreld is waarin ons lewe, gaan God dit vernietig met water. En dit gaan net reguit afreën uit daardie

hemel, God is in staat om dit daarbo te sit. As Hy gesê het dit sou kom, sal Hy ’n weg daarvoor maak.” Dis reg.

118 Nou, as dit nie seker was, en geweet het dat daardie klank seker was nie, die eerste kritikus, sou hy gesê het: “Wel, miskien het ek—miskien misverstaan.” Dis hoe mense vandag maak.

Die dokter sê: “Jy’s niks beter nie.”

“Wel, miskien het ek misverstaan. Miskien, ek—ek . . .” O, goeiste! Sien? Maar as jy seker is van daardie seker klank!

119 “As die basuin ’n onseker klank gee, wie kan homself voorberei vir die stryd?” As dit onseker is, wat sou ’n soldaat doen, as—as dit was, hulle voorberei het vir die geveg, en—en hulle gee die klank, en nie net soos die—die gewone klank geklink het om oorlog toe te gaan nie? Hy sou nie weet óf om terug te val, of om te gaan veg, of om te gaan sit, of—of sy middagete te eet, of wat om te doen, of bed toe te gaan, as dit nie ’n sekere onderskeiding in die klank gegee het nie.

120 So, God se Woord is nie onduidelik nie, Dit gee ’n seker klank, seker klank. Wanneer God met ’n individu praat, is dit seker, ek gee nie om wat enigiemand anders sê, wat die wetenskap sê, wat die volk sê, wat die wêreld sê, wat die kerk sê, wat enigiemand anders sê nie, dis seker. God se Woord is ’n seker Klank; elke mens wat Dit ooit gehoor en Dit gehoorsaam het, het ook iets gedoen.

121 Nou, Noag, wat deur God gewaarsku is, het beweeg, en ’n ark voorberei vir die redding van sy huisgesin. Dit was ’n seker klank, God het gesê dit gaan reën, en dit het gereën, en hulle wat wou ontvlug, het dit gedoen; hulle wat nie het nie, het omgekom.

122 Dieselfde God wat gesê het: “Dit sal reën,” het gesê: “Vuur gaan uit die Hemel val en die wêreld vernietig. En daar’s ’n weg vir julle voorberei, hulle wat dit sal volg, sal dit ontvlug, hulle wat dit nie doen nie, sal vergaan.” Die sondaar sal saam met die sondige wêreld vergaan, maar die verlostes sal verlos word deur die Heilige Gees.

123 Noag het reg in die deur van daardie ark gestaan, en oordeel oor die aarde gebring, het daardie mense geoordeel, omdat hulle nie die Boodskap geglo het, wat God sou doen nie. En hy het die toorn van God op die aarde gebring deur in die deur van sy ark te staan en regverdigmaking te preek. In die deur gestaan en God se Woord verkondig, want Dit is aan hom gemanifesteer as ’n seker Klank, dat God ’n ding sou doen.

124 Vanaand, as julle broer, staan ek in die deur van hierdie Ark, Christus Jesus, en verklaar aan julle dat Hy ’n Verlosser, ’n Geneser, ’n Koning is, wat kom. En van hierdie boodskappe van predikers in die deur, sal die toorn van God in oordeel bring oor die nasies, oor die wêreld. Dis ’n seker Klank, ons ken Dit, Dis God se Woord. En almal wat nie Christus vir verlossing soek nie,

sal vergaan, hulle wat sondig, sal vergaan saam met die sonde; hulle van die wêreld is, sal saam met die wêreld vergaan.

125 Noag het bokant dit gery in sy ark, omdat hy in die deur gestaan het van die enigste voorbereiding wat God gehad het om te ontsnap. En ek sê vandag, dat jou kerk jou nie sal red nie, jou geloofsbelydenis jou nie sal red nie, dit God sal verg om jou te red, die Heilige Gees, en jy gedoop word deur die Heilige Gees in die Ark van Christus Jesus, "Want deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam," die enigste Ding wat jou sal red. Hoor Dit! Moenie die onseker klank aanvaar nie: "Ek's Metodis," "Ek's Baptis," en: "Ek's Pinkster," "Ek het *hierdie* gedoen, ek het *daardie* gedoen, ek. . . " Moenie dit aanvaar nie, dis 'n onseker klank; maar wanneer God inkom, is dit 'n seker klank, jy weet daarvan, solank as wat jy ooit op hierdie aarde lewe, sal jy dit steeds weet, dis iets wat met jou gebeur.

126 Dit was 'n seker klank, dit het Noag mal laat optree voor dit gemanifesteer is, voor dit gebeur het, so is die Kerk vandag, wat Christus aanvaar, en gebore is uit die Heilige Gees, die mense dink daardie mense is mal, party van hulle sê: "Broer Branham, is jy nog steeds 'n Baptis?"

Ek het gesê: "Nee, ek's 'n Pinkster."

"'n *Wat*?"

Ek het gesê: "'n Pinkster."

"Wat bedoel jy?"

Ek het gesê: "Ek—ek is gebore uit die Gees van God, en het die Heilige Gees ontvang." Ek het gesê: "Ek's 'n Pinkster."

En gesê: "Ag, jy het mal geword."

127 Ek het gesê: "Nee, ek het net 'n seker klank gehoor, en dit, hier's waar dit vandaan gekom het, het dit reg uit die bladsye van hierdie Bybel gekry, net so duidelik soos 'n klok. Toe ek dit ontvang het, het ek geweet wat gebeur het, ek was daar, ek het geweet dit het plaasgevind." Sekerlik, dit het my verander van die dood na die Lewe, dit het iets vir my gedoen, dis 'n seker klank. Dit. . .

128 Ek weet ek tree mal op vir mense, en julle sal ook mal optree vir mense, julle wat dit ontvang het, maar ons weet waar ons staan, ons weet waarvan ons praat, dis 'n regte klank. Dis net dieselfde soort klank wat in die Bybel gekom het, laat ons op dieselfde manier optree, dit sal die swart man, geel man, bruin man, almal dieselfde laat optree, want dis dieselfde klank. Amen. 'n Seker klank.

129 Die basuin 'n onseker klank gee, wel, ek kan Metodis, Baptis, Presbiteriaan wees, Pinkster by name, of wat ook al, sien, daar's geen sekerheid daarvan nie, maar wanneer daardie seker klank kom, dan weet jy dit, dis 'n seker klank.

130 Nou, wat van Noag wat daar staan, wat net preek dat dit gaan reën? Wel, die mense het vir hom gelag, maar eendag is dit gemanifesteer. Dis reg. Noag het net aanhou kap, aanhou staan, en net aangehou om die planke vas te sit, te kap, toe het hy daar uitgegaan en het hy die ark met pik bestryk, hy het pik daarin gesit.

131 Nou, dit was gemaak van akasiahout, en as julle oplet dis die ligste hout wat daar is, is ligter as balsem. En dis waarvan die ark gemaak is, dis wat—dis waarvan jy gemaak is, die hout in hierdie ark. Dis gemaak van 'n dun hout, 'n ligte hout. Wat het hulle daarmee gedoen? Hulle moet al die sap daaruit haal, en dit lig maak, dit uitdroog, totdat dit baie droog word, en dan is dit buigbaar, kan jy dit gebruik.

132 Soveel in ons, elke keer wat ons begin buig, breek ons. Maar jy moet al die—die wêreldse sap uit jou uitkry, die hele wêreld uit jou uitgedruk, en dit dan oor vuur hou, vuur sal die sap uittrek. En ek sê julle, dis wat dit kos om die sap uit ons uit te trek nou, die wêreldse sap.

133 Wat het hulle dan daarmee gedoen? Hulle het 'n boom geneem en 'n harsboom afgekap, en in plaas van—van dit net af te kap, het hulle dit geneem en dit geslaan, en hulle het daardie boom geslaan totdat hulle die hars daaruit geslaan het. Dan het hulle die hars daaruit gehaal, en dit in hierdie akasiahout gegooi, en wanneer dit het, het dit al hierdie krake gevul en is dit harder as staal, dis reg, dan was dit in die ark. En God het met pik bestryk aan die buitekant, of—of, Noag het, aan die binnekant en buitekant, Hy het dit met pik bestryk. Wel, dis presies hoe God vir hom gesê het om dit te bou.

134 En dis hoe ons dit vandag bou. Ons kan nie hierdie waters en dinge in die Kerk gooi en Dit enigiets maak nie. Jy kan gesig vooroor, agteroor gedoop word, wat jy ook al wil, dit sal niks help nie, niks. Ons stry oor geloofsbelydenisse, oor besprinkeling, oor uitgiet, oor *dit*, *dat*, en die *ander*. Wel, wat help dit as dit al is wat jy het? Dis reg.

135 En ek het gesê dat ek nie weet of hulle ooit. . . Was eenkeer toe ek 'n klein seuntjie was, daar was. . . Ek en my broer was agter op die plaas, en daar was. . . ons het 'n ou skilpad gekry, en hy was. . . julle weet hoe hulle met hulle voete loop soos *daardie*, snaakse goed. En ek en my broer het gedink dit was die snaaksste skepsel wat ons ooit gesien het. So, toe ek tot reg by hom gekom het, het hy *swoosh* gegaan! Teruggetrek soos *daardie*.

136 Net soos, julle weet, jy die Evangelie begin preek, dit regtig beklemtoon, jy daardie ou skilpaaie net sien, julle weet, terugtrek in 'n dop: "*Bah!* Ek sal net afgaan na *So-en-so* toe." Um-hum. Ja.

137 En ek het na hom toe gegaan, ek het gesê: "Wonder of ons hom kon laat loop." Wel, ons—ons het hom geknyp, en ons het

alles gedoen wat ons kon, hy—hy wou nie loop nie. Hom gestoot, hom rondgeskop, dit het hom nie laat loop nie. Wel, ek het soontoe gegaan en vir my 'n lat gekry, en ek het hom goed daarmee gelooi, en hy—hy het nie geloop nie. En ek het gesê: "Wel. . . " En ek. . . Dis reg, jy—jy kan nie—jy kan dit nie in hulle inslaan nie.

138 So, toe het ek gesê: "Ek—ek—ek sal hom regsien, Broer." Ons het na die fontein toe gegaan daaronder, en, watergat, ek het hom net daar ingedruk, ek het gesê: "Ek sal hom verdrink, of hy sal loop." En ek het hom daaronder gehou, en net 'n paar borrels het opgekom en dis al, hy was net reg. Broer, jy. . . water doen dit nie.

139 Maar weet julle hoe ek hom laat loop het? Ek het vir my 'n stuk papier gekry, en 'n vuurtjie gemaak en hom daarop gesit, broer, toe het hy geloop. Ja.

140 As daar enigiets is wat die Kerk sal laat reg loop, reg doen, ditself sal wys, is die doop van die Heilige Gees en Vuur wat afkom van God uit die Hemel, sal die Kerk uitsorteer, nie 'n stryery *hieroor*, of 'n stryery *daar*oor nie, maar 'n doop van die vurige liefde van God wat afkom, en die dinge uit jou hart uitvee, jou 'n nuwe skepsel in Christus Jesus maak. Vroue sal hulle hare laat groei, en mans sal ophou sigarette rook, en ek sê julle, en, al hierdie dinge sal regkom, as julle net die Vuur op hulle kry. Waar.

141 Nou, het baie vreemd gelyk vir Noag toe hy dit gedoen het, maar hy was. . . daardie seker klank gehoor het, dis wat hy wou hê.

142 Nou, laat ons 'n ander kêrel neem, daar was 'n man met—met die naam van Moses, wat agter in die woestyn was, net so vol doktrine as wat hy kon wees. Hy het al die—die besonderhede van alle dinge geken, hy kon selfs die Egiptenare leer, die slimste mense in die wêreld, hy kon hulle 'n bietjie teologie leer. Maar eendag daarbuite, het hy—hy iets gesien wat Gebrand het, en dit het hom soort van aangelok.

143 Dis wat dit vandag nodig het, is 'n Kerk aan die Brand om sommige van hierdie Mosesse hier iewers heen te lok, om sommige van hierdie sondaars te lok, dit kos Vuur om aan te lok. Laat jy 'n—'n kreet opgaan in die straat van "Vuur!" regte. . . almal spring in hulle motor, en probeer dit volg. Daar's iets aanloklik aan 'n vuur. Wat ons vanaand nodig het, is Heilige Gees en Vuur, wat die gelowige sal aanlok wat iets sien.

144 Ek onthou 'n ou vriend van my genaamd Ben Pemberton. O, hy's nogal 'n kêrel! Oorkant in St. Louis, het hy 'n tentdiens gehou daaronder, en niemand wou dit bywoon nie, so hy het 'n entjie daar in die straat afgehardloop, reg in die middel van die dorp, en hy het geskree: "Vuur! Vuur! Vuur! Vuur!" En hy het in die straat afgegaan en sy hoed gegooi so hard as wat hy kon. Hy het 'n tent daarbo gehad, en almal het begin hardloop om te

kyk wat die probleem was met hierdie mal kêrel. Hy het soontoe gehardloop, en teen die trek-. . . en reguit afgekom, hy was net 'n nar, soos, reguit afgekom, en opgespring op die preekstoel, geskree: "Heilige Gees en Vuur!" En toe begin preek net so hard as wat hy kon. Dis. . . Sien, iets, trek die aandag. En die beste ding om 'n verdwaalde mens aan te lok, is Heilige Gees en Vuur. Dis wat God gedoen het.

145 Nou, Moses het nie gedink hy kon dit doen nie. Hy het dit probeer volgens sy eie doktrinêre standpunte, en dit het nie gewerk nie. Maar God, het eendag, met hom gepraat, en gesê: "Trek jou skoene uit, Moses, Ek weet jy's 'n prins in Egipte, maar jy's niks in my oë nie. Trek uit jou skoene, jy's op heilige grond. Raak alles, ontslae van al daardie goed wat jy in jou het." En hy het 'n geluid gehoor. Hy het gesê: "Ek gaan jou afstuur om My volk te verlos." Nou, dit was nie onseker nie.

146 Nou, hoe het Moses geweet dit was nie onseker nie? Wat as hy gesê het: "Wie is hierdie wat met my praat? Wat is dit?" Want die Stem wat met hom gepraat het, was presies volgens die Skrif. Dis hoe jy weet of dit 'n seker klank is of nie, of 'n onseker klank. As die Skrif. . . As die stem wat met jou praat nie Skriftuurlik is nie, moet dan nie daarna luister nie. Sien? Maar as Dit Skriftuurlik is, luister Daarna, want Dis God se Stem. Sien? Hy het gesê: "Ek het die uitroepe van My volk gehoor, en Ek het hulle slawe-. . . hulle lyding gesien, en hulle slawedrywers, wat hulle gedoen het, en Ek het My belofte en My verbond onthou." Sien?

147 Moses het gesê: "Dis presies die Skrif." Nou, dis wat jy wil doen, luister watter soort klank dit het, kyk of dit 'n Skriftuurlike klank is. As dit Skriftuurlike klank is, dan is dit 'n seker klank, want God se beloftes is waar. As die Bybel. . .

148 As jy een of ander klein geleerde hoor uitkom uit die kweekskool, en sê: "Ag, daar's nie so-iets soos Goddelike genesing nie, dis alles opgewerk." Luister, broer, dis 'n klinkende metaal en 'n luidende simbaal, jy moenie daarna luister nie. Ja, meneer.

149 Maar wanneer jy Hom hoor sê: "Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid," is dit 'n—is dit 'n seker klank, wat—dis presies: "Ek is die Here, wat al jou krankhede genees," dis 'n seker klank. Sien? Nou, luister julle na die seker klank, nie die onsekere nie.

150 Nou, en Moses het afgegaan en die kinders verlos, omdat hy 'n seker klank gehad het. Die Hebreeuse kinders het 'n seker klank gehoor, sonder twyfel, daardie aand in die biduur: "Ons God is in staat om ons te verlos, nietemin, ons sal niks anders as Sy Woord neem nie. Ons bly net presies getrou Daaraan, maak nie saak wat gebeur nie, ons gaan. . . " Dit was 'n seker klank. Dis reg. Hulle het geweet waarvan hulle praat.

151 Abraham, 'n boer, vyf-en-sewentig jaar oud, wat waarskynlik 'n heiden was, afgekom het van die Babiloniese toring af waar hulle al daardie bygelowe daarbo gehad het, ensovoorts, maar eendag terwyl hy buite op die land gewerk het, het hy 'n geluid gehoor, en dit was 'n seker geluid. Vyf-en-twintig jaar later, met geen bewys dat daardie klank ooit gemanifesteer sou word nie, hy het dit net twee keer soveel geglo as wat hy aan die begin het. Daar is dit.

152 God het gesê: "Abraham, jy gaan 'n—gaan kry. . . jou vrou gaan 'n baba kry. En—en sy's nou vyf-en-sestig jaar oud, en jy's vyf-en-sewentig, maar Ek is die Here, Ek—Ek gaan daardie baba neem, en jou daarmee 'n vader van die nasies van die wêreld maak. Ek gaan jou nou net 'n vader van baie nasies maak." En na 'n rukkie het Hy hom ontmoet, en sy naam verander, en hom genoem van *Abraham*, uh, *Abram*, na *Abraham*, hom deel van Sy Naam, *Elohim*, gegee, en so, want Hy was 'n Vader, het hom 'n vader van nasies gemaak.

153 Nou, Abraham het net daardie belofte bly glo, eerste maand, tweede maand, eerste jaar, derde jaar, vyfde jaar, vyf-en-twintigste jaar, het hy dit nog steeds geglo. En die Bybel het gesê dat hy nie getwyfel het aan die belofte van God deur ongeloof nie, maar sterk was, God geprys het. Sien? Hy het 'n seker klank gehoor. Maak nie saak hoe lank dit neem nie, dit het niks daarmee te doen nie, dis die klank wat reg is, maak nie saak wat dit is nie. *Sjoe!* O, as julle dit net kon begryp, Kerk, sou dit alles verby wees, sê ek julle. Dinge sou anders wees as ons *dit* net kon begryp, sien, daardie seker klank, dat dit God is. Hoe weet ons? Hy het so gesê.

"Hoe weet jy, Abraham, jy gaan hierdie baba by Sara kry?"

"God het so gesê."

"Wel, kyk hier, sy's vyf-en-sestig."

"Ek gee nie om of sy sestig-honderd was nie. Maak nie saak wat dit is nie, God het so gesê, dit handel dit af."

154 "Ek reken jy, as dit. . . O, ek sal, wel, ek sal volgende jaar kom en kyk hoe—hoe dit met daardie baba gaan. Na nege maande sal ek—ek terug wees om jou baba te sien."

"Dit mag dalk nie hier wees binne nege maande nie, ek glo dit sal, maar as dit nie binne nege maande hier is nie, mag dit die volgende nege wees." Sien? "Dit sal hier wees."

155 Jare het verbygegaan, jare het verbygegaan. Wat daarvan? Net sterker en sterker geword, gesê: "Glorie aan God! God het dit gesê, o, ek sou dit nie kon glo as ek moes nie." O!

156 Ek het net *hier* gekyk en Broer en Suster Kidd hier sien sit. Wel, hy het gesê, nie lank gelede nie, ek. . . 'n dokter het 'n geluid gemaak, daardie ou man was sterwende, sien, en ek het amper die bande van my motor afgebrand om hierbo te kom om hom te

groet. Toe ek een oggend daar in die kamer gekom het, het die Heilige Gees gesê: "Nee, hy gaan nie sterf nie." Hier is hy. Ek het gehoor hy het vyf-en-twintig pond opgetel. Goeiste, goeiste, goeiste! So julle sien dit? Dis 'n seker klank, julle sien. Dis 'n sekerheid, as God so gesê het, is dit *so*.

157 Net gekom van Kalifornië af nou die dag, het nog nie my tas ingekry nie, was nie tuis vir twee maande nie, amper twee maande, ek het omtrent die tweede tas ingekry, die telefoon het gelui, dit was 'n dame. Wel, sy was altyd soort van 'n vriendin van my, jare gelede toe ek nog pastoor van die Milltown Baptiste Kerk was.

158 Sy het twee pragtige dogters gehad, en sy het met 'n goeie man getrou, 'n Broer Huff, en hy was 'n meulenaar, hy het dit gehad, een van sy vingers en duime afgesny, 'n baie gawe broer. Hulle het—het twee tweelinge—tweelinge gehad, en nog 'n dogter, wat drie kinders gemaak het. En die tweeling was stoere Christene, hulle—hulle was UBC mense, maar hulle—hulle glo God regtig. En so hulle, een dogtertjie, wat skool toe gegaan het, sy het 'n kompleks gekry, die meisies wat vir haar gesê het: "Wel, waarom rook jy nie soos ons nie? Dink jy jy's beter as ons? Hoekom gaan jy nie na danse toe nie?"

159 Nou, hulle het nie na danse toe gegaan, nóg het hulle gerook of gedrink, en hulle het gespot. Die gesonder meisie, sy het gesê: "*Hmm!* Laat hulle in die rivier gaan spring. *Ek's* die een wat Christus dien, hulle nie wil nie, laat hulle aangaan."

160 Maar die ander een, sy het begin dink: "O, miskien kan ek iets doen." En sy het 'n kompleks opgebou, senuweeagtig geraak, sy het mal geword, hulle het haar twee jaar in 'n inrigting gehad. En so, het hulle haar probeer behandel, deur haar allerhande goed te gee, en behandelings, en—en alles. Hulle . . . Dit het nie reg gewerk nie.

161 So toe, toe ek by die huis ingekom het, het hulle gesê: "Broer Branham, hulle het haar daar na daardie Katolieke inrigting toe geneem, en Maandag gaan hulle haar Madison toe stuur." Dis 'n opgestopte sel, dis die einde.

162 Sy's agtien jaar oud, en 'n genie, sy een van daardie perfeksioniste. Sy gee selfs opera onderrig, en speel overtures, en onderrig musiek op agtien jaar oud. Sien? Net 'n baie slim meisie. En so sy . . . 'n Baie goeie Christen, en hulle kon dit nie verstaan nie.

163 En so toe hulle gesê het hulle gaan haar daar in die opgestopte sel sit, was dit die einde. Hulle het haar, ek vergeet hoeveel, skokbehandelings gegee, en dis 'n skoot in die donker, julle weet, en so het dit haar net erger gemaak, so die dokter het gesê: "Daar's nie 'n hoop vir haar nie, so ons gaan haar na Madison toe neem, Maandag."

164 En so, het die moedertjie gesê: "Ek onthou hoe Broer Branham, altyd hier was by die. . .en ons altyd vertel het van Christus wat 'n Geneser is." Gesê: "Ek, en ek het allerhande koerantberigte gehoor, en dinge, oor waar hy was." Hulle was plattelandse mense, ver agter in die platteland, en so, en het gesê: "As ek net kan kontak maak!" So hulle het Jeffersonville, die kantoor, geskakel, en hulle het gesê ek was in Kalifornië, op 'n sekere dag tuis sou wees. Gesê: "Wel, dit sal ons net gee. . . " Ek dink dit was op 'n Vrydag toe ek ingekom het, dit sou Maandag wees wat hulle haar gaan wegneem.

165 So hy het gegaan en die dokter gevra of ek kon oorkom, en die dokter het gesê: "Nee. Nee. Moet haar nie opgewerk kry nie." Gesê: "Daar's niks wat daarvoor gedoen kan word nie," die sielkundige, en hulle daar oorkant.

166 So hulle het aangegaan, en Broer Huff het gesê: "Kyk," dit was 'n Katolieke hospitaal, gesê: "ons broer is net soos as jy die laaste formuliere of iets sou gee, 'n priester."

Hy het gesê: "Wel, hy's. . .Niks kan gedoen word nie." Gesê: "Laat ek met daardie prediker praat."

Gesê: "Goed." En hy het my nommer vir hom gegee.

Hy het geskakel, ek was uit, gesê: "Het. . . " en vir my vrou gesê, hom terug te skakel.

167 Ek het heeldag Saterdag geskakel, en heel—heelnag, en tot twaalfuur Saterdagaand, het nooit ingekom nie. Ek het gesien hy het my probeer vermy, julle sien, keer dat ek soontoe kom.

En Broer Huff het geskakel, gesê: "Broer Branham, hulle gaan haar Maandag neem."

Ek het gesê: "Sê jou wat, Broer Huff, hy ken my nie, so neem jy my in as 'n besoeker, laat my net ingaan as 'n besoeker."

168 En hy het gesê: "Goed." So die volgende dag het hy gekom om my as 'n besoeker te kry. En die. . .sy. . .die tweeling, een van die tweeling, en die ander dogtertjie het in die motor geklim om saam met my te gaan. Ons het oor die rivier gegaan, en so het die moeder en vader vooruit gery.

169 En ek het die meisies begin ondervra. Gesê: "Jy weet, die snaaksste ding, Broer Branham," gesê: "vanmôre," pragtige dingetjie, sy het gesê: "jy weet, ons pastoor het gesê, begin preek oor 'n sekere ding, en hy het sy onderwerp verander en begin praat van genesing met olie." En gesê: "Pappa, mamma het begin huil omdat, en ons het ook, omdat ons geweet het jy gaan. . .kom om jou te kry." Gesê: "Daar's een of ander soort genesing wat mense in die Bybel doen, met olie."

Ek het gesê: "Uh-huh, Sus," het ek gesê: "ek weet waarvan jy praat."

170 Sy het gesê: “Dink jy dit kon van toepassing gewees het, dat God ons probeer vertel het deur ons pastoor van iets dat ons ’n kans gehad het op daardie manier?”

Ek het gesê: “Ons sal sien wanneer ons daar oorkant kom, en sien wat die Heilige Gees sê.”

171 En toe hulle die deur oopgemaak het, julle weet, hulle sluit die deur oop en sluit dit dan weer agter jou, sluit die hysbak oop en neem jou op, sluit dit dan weer, julle weet, hou die mense, sit jou in die sel.

172 Daar gesit, ’n mooi, klein dingetjie, klein agtienjarige, klein skatjie, omtrent *so* hoog, yslike groot, sagte, mooi oë, wat daar sit, net—net, o, net in ’n verskriklike toestand, net soos daardie. En ek het gesê: “Onthou jy my, Margaret?”

Gesê: “O, o, o!”

173 En ek het gesê: “Ek is Broer Branham, onthou jy my nie? *Billy* het jy my altyd genoem, daaronder, en ek sou . . . Toe jy gekom het, was jy soos ’n klein pampoenpitjie, klein dogtertjie, die laaste keer wat ek julle almal gesien het, klein rokkies soos *daardie*. Onthou jy my nie.”

Gesê: “O!” yslike groot oë, julle weet, wat *so* kyk.

174 Ek het gedink: “O God!” Ek het gesit met my, net soort van my been oor die rand van die bed gesit. Daar het ’n man daar oorkant gesit en probeer om sy vrou vas te hou, sy was in ’n verskriklike toestand. Hierdie meisie wat hier sit, en die vader het by die meisie gestaan, die moeder het op die ander hoek van die bed gesit. Ons het daar gesit, ek het bly wonder: “Here, sal U iets sê? Sal U iets sê.”

Ek het gesê: “Onthou jy my nie, Margaret?” En terwyl sy net aanhou kyk het na my, sy kon niks uitmaak nie.

175 Gesê: “Broer Branham, sy, enigste ding waarvan sy bly praat, is van bloed, en op die hoofweg, en sulke dinge,” gesê: “snaaksste dinge.”

En ek het gesê: “Hoe lank gaan dit al aan?”

Gesê: “Twee jaar.”

176 En ek het met haar bly praat. O, maar die genade van God! Net binne ’n paar minute het die Heilige Gees begin inbeweeg. Ek het gesê: “Margaret, jy ken my nie, maar,” het ek gesê: “jou hele lewe lank, vandat jy groot genoeg was om te weet van seuns, het jy altyd in jou gedagte gehad jy sou met ’n prediker trou, jy wou met ’n prediker trou.” En sy het begin glimlag, dit het vasgesteek, sien, ek het gesien die Heilige Gees het dit gehad. En toe het ek gesê: “SO SPREEK DIE HERE, dis verby.” Ek het gedink: “Wat het ek gesê?”

177 Baie van julle het gelees van die eekhorings, ensovoorts. Ek het gesê: “Dis verby.” “Wel,” het ek gedink: “as Hy dit gesê het,

bly ek net daarby.” Ek het gesê: “Broer Huff, ek weet nie hoekom ek dit gesê het nie, ek kan jou nie sê nie.” Ek het gesê: “Ek het dit net gesê, en dis al wat ek weet, dit net gesê.” En ek het gesê: “Maar kyk net, binne die volgende paar uur gaan daar ’n verandering hierin wees.” Dit was omtrent vyfuur in die middag. Ek het gesê: “Daar sal so ’n verandering hierin wees binne die volgende paar uur!”

178 Ek het pas van haar gepraat daardie oggend in die kerk, onder by die tabernakel. Ek reken dat sommige van die tabernakelmense hier nou, Fred Sothmann, en hulle wat ek ken hier was, dat, of, hulle daar onder wat gehoor het dat dit gesê word. O, ek glo hierdie kêrels wat net *hier* sit, was daar. Hoeveel hierbinne onthou dat ek by die tabernakel gesê het? Ja, hulle is hier. Sien? Ek het gesê: “Hou aan bid,” ek het gesê: “iets is gereed om te gebeur, iets is gereed om te gebeur.”

179 En toe ek weer uitgegaan het, het ek buitekant die. . .het hulle die deure oopgesluit en my weer uitgelaat, en toe, toe ek in die motor geklim en om die hoek gery het, het ek gesê: “Hemelse Vader, hoekom het ek dit gesê? Hoekom het ek dit gesê?” Net soos dit was toe dit vir daardie eekhorings gesê is, ensovoorts, en verskyn het. Ek het gesê: “Iets is gereed om te gebeur.” Dit is weer bevestig hier oorkant by die volgende diens, hierdie laaste een soos daardie, wat gereed was om te gebeur.

180 En toe ek by die huis gekom het, het ek ander klere aangetrek, weer onder na die kerk toe gegaan, Broer Huff het my geskakel, hy het gesê: “Broer Branham, ek kon dit net nie langer uithou nie.” Gesê: “Weet jy wat? Nadat jy weg is, omtrent ’n halfuur nadat jy weg is, het die dokters ingekom.” Gesê: “Margaret het op die bed gesit. . . ”

181 En toe ek daar gesit het, en ek het gesê: “Margaret, dis SO SPREEK DIE HERE, dis verby,” en haar ma het my net *so* oor die—die knie geslaan, en sy het op haar dogter geskree, nie eens geweet wat sy gedoen het nie, en sy het gesê: “Skat, hy’s nooit verkeerd nie,” soos daardie: “hy’s nooit verkeerd nie.” En ek het uit die gebou uitgestap.

Mnr. Huff het my geskakel, gesê: “Broer Branham, die dokters het hier ingestap, en gesê: ‘Wat het gebeur?’ Gesê: ‘Die meisie het bygekom!’”

182 Gesê: “Ons gaan haar huis toe vat môre, sy’s ontslaan, sy’s normaal en gesond soos enigiemand kan wees.” Sy’s tuis vanaand, verheug. Want hoekom? Daar was ’n seker klank. Maak nie saak wat teenstrydig is nie, dis ’n seker klank. O, God, daardie seker klank!

183 Nog net twee of drie, nog omtrent vyf minute. ’n Seker klank, hoe ons kon aangaan! Iets het op die pad gebeur nou die dag, dieselfde ding, dit bly net inbeweeg, meer en meer, meer en meer, meer en meer. Hoekom? Dis ’n seker klank, want daar oorkant

in daardie woude die dag, Broer Fred, Broer Tom, en die res van julle almal hier, Broer Leo, jy, toe daardie man . . . Engel van die Here het daar in die woude gestaan, en daardie ding gesê, “Spreek daardie Woord en kyk hoe Dit gebeur,” dit was geen onseker klank nie, dit was ’n *klank*, ek weet dis die Waarheid. Ek glo dit, ek . . . met my hele hart, met hierdie Bybel oor my hart, dat dit God is. Ons is aan die eindtyd.

184 Jesus, toe Hy op aarde was, was daar geen onseker klank vir Hom nie. Hy het gesê: “Ek het mag om My lewe neer te lê, Ek het mag om dit weer op te neem.” Niks onseker daaraan nie, dit was ’n seker klank. Hoekom? Hy het van God gehoor. Reg. Halleluja! Nou voel ek om te skree. Ek voel nou godsdienstig. Nou, ons gaan van die negatiewe kant af na die positiewe, ’n seker klank.

185 “As die basuin ’n onseker klank gee, wie kan homself voorberei?” Maar die basuin blaas, ons is aan die eindtyd, dis volgens die Skrif, “Dit sal Lig wees in die aandtyd. Hierdie tekens . . . ” ensovoorts. Dis—dis hier. Die basuin gee die regte klank, laat ons onsself voorberei. Dis reg, laat ons gereedmaak, iets is gereed om te gebeur, broer, suster.

Jesus het gesê: “Ek het mag om My lewe neer te lê, Ek het mag, dit weer op te neem.”

Nie: “Miskien sal Ek. Ek hoop Ek het,” nie.

Hy het gesê: “Ek het.” Amen. Dis reg.

186 Toe Martha uitgekom het om Hom te ontmoet, toe Lásarus al vier dae dood was, gesê het: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie, maar selfs nou, wat U God ook al vra, dit sal God vir U gee”:

het Jesus gesê: “Ek is die Opstanding en die Lewe.”

Nie: “Ek hoop Ek is,” nie.

187 “Ek is.” Amen. “Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. En wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie. Glo jy dit?” Geen onsekerheid daaroor nie. “Ek is.”

“Ek sal wees. Ek hoop om te wees.”

“Ek is nou, Ek was altyd, en Ek sal altyd wees. Ek is die Opstanding en die Lewe. EK IS, EK IS.” Ja. Daar is niks onseker daaraan nie.

“Waar het julle hom neergelê?” Amen.

Niks . . . Ek sal nie . . . Nou, nie, onthou: “Ek sal gaan kyk wat Ek daaraan kan doen,” nie.

188 “Ek sal hom gaan wakker maak.” Niks onseker daaraan nie. Dit was dit, sekerlik. Hoekom? God het Hom so gesê. Dis reg. “Ek doen niks voor My Vader My eers wys nie.” Johannes 5:19: “Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen. Wat die Vader doen, wys Hy die Seun.” Amen. Niks onseker daaraan nie.

189 “Hy’s dood, hy verrot in die graf, maar Ek gaan hom wakker maak.” Amen. “Ek gaan hom wakker maak.” Geen onsekerheid daarin. . . Onthou dat “Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe.” Niks onseker daaraan nie, dis so waar as wat God waar is. O, is julle nie bly dat Hy julle ken nie? Is jy nie bly dat jou naam op Sy Boek is nie? “Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe.” Amen. *Sjoe!*

190 “Ek is die Opstanding en die Lewe,” en ek is in Hom. God het bewys, deur Hom op te wek, Hy sal my ook opwek. Ek sit alreeds in Hemelse plekke, opgewek. Dis so sover dit God betref. “Diegene wat Hy vooraf geken het, het Hy geroep; diegene wat Hy geroep het, het Hy geregverdig; diegene wat Hy geregverdig het, het Hy verheerlik.” Amen. Net nou, in ’n—in ’n stadium van verheerliking, wat sit in Hemelse plekke in Christus Jesus, in ’n verheerlikte toestand, met die krag van die opstanding in ons, wat ons verander het van ’n sondaar na ’n Christen. *Sjoe!* Niks onseker daaraan nie, geen onsekerheid nie.

191 “Hoe weet jy?” Dit lewe in my. Hoe weet jy? Dis binne-in jou. Amen. Dis waarom hierdie dinge plaasvind. Niks onseker daaraan nie, ons het oorgegaan uit die dood na die Lewe omdat ons lewendig is. “Hy wat dood was, al glo hy in My, tog sal hy lewe. En wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie.” Almal wat in Hom glo en na Hom toe kom: “Ek sal hom die Ewige Lewe gee.” Net nou, het ons Ewige Lewe en sal opgewek word in die laaste dae. *Sjoe!* Goeiste, dis reg. Niks onseker daaraan nie. Nee, dis alreeds gedoen.

192 “Niemand kan na My toe kom as My Vader hom nie roep nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom.” Hoeveel is Christene, steek julle hande op? Wel, julle is alreeds in ’n verheerlikte toestand. Amen. “Almal wat die Vader My gegee het, sal kom. En almal wat kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie; hulle Ewige Lewe gee, en hom opwek in die laaste dag. Ek sal.”

“Miskien sal ek.”

193 Nee: “Ek sal dit doen.” Dis ’n seker klank. Dis seker. Ons kom op in ’n verheerlikte toestand. “Hierdie sterflike sal met onsterflikheid beklee word, die verganklike word met onverganklikheid beklee.” Niks onseker nie. Waarvoor is ons bang? O, halleluja! Niks om oor ontsteld te wees nie, niks om oor bang te wees—wees nie, bedoel ek. O, goeiste, hoekom? Dis niks onseker nie, ons is seker.

194 “Ek sal hom uitbring. Hierdie sterflike sal wees. . . onsterflikheid aanneem. Ons weet nog nie watter soort liggaam ons sal hê nie, maar ons weet ons sal ’n liggaam hê soos Sy Eie verheerlikte liggaam, want ons sal Hom sien soos Hy is.” Amen. Niks onseker daaraan nie. “Ons sal Hom sien.” Glorie! Niks onseker nie, dis alles seker.

195 O, jy kan maar voortgaan en daardie onseker klank neem as jy wil, maar ek hou van die Evangelie-basuin wat die seker klank gee. Wat is die Evangeliebasuin? Goeie nuus. Dis reg. Hy’s nou hier. Nou, niks onseker daaraan nie. Goed.

196 Hy het nie gesê: “Ek sal afgaan en kyk wat Ek omtrent Lásarus kan doen. Ek sal afgaan en uitvind wat Ek kan doen. Ek sal afgaan en probeer kyk of Ek hom kan opwek,” nie. “Hy sal weer opstaan.” Dis seker, positief.

Wel, jy sê: “Nou, jy praat van Jesus, jy het gepraat van Abraham, wat van jou?”

197 Ja, ons het sekerheid, ook. “Nog ’n klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, maar julle sal My sien, want Ek sal met julle wees.” Dis ’n sekerheid, ’n sekerheid: “Ek sal.”

“Miskien sal ek. Dalk sal ek.”

198 Nee: “Ek sal.” Dis seker. “Ek sal met julle wees, selfs in julle.” Jy kan fanatisme noem as jy wil, maar dis ’n seker klank vir my dat ek gered is. Amen. “Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld.” Dis seker dat julle sal weet.

“Hoe weet jy dat jy seker is?”

199 Goed: “Werke wat Ek doen, sal julle ook doen.” Dis ’n teken. Ek sal julle ’n teken gee om te bewys—om te bewys dat Ek met julle is. Dit sal nie onseker wees nie. . .

Jy sê: “Wel, goeiste, hoe sal ek weet of ek emosioneel is of nie, of ek net opgewerk is of nie?”

“Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.” Geen onsekerheid nie.

200 “Hoe weet ons of ons Christen is of nie? Nou, ons gaan in die hele wêreld in en preek die Evangelie, en word gedoop, ensovoorts, hoe weet ons dat ons—ons Christen is?”

“Hierdie tekens sal hulle volg, Ek sal julle ’n sekerheid gee, ’n seker klank, ’n seker teken.”

201 Wel, hier is wat dit sal wees: Die prediker sê: “Kom, sluit aan by ons kerk, en sê ons geloofsbelydenis op, of word gedoop, of besprinkel, of natgegooi,” of, o, wat ook al, sien: “en dit—dis dit.” Jesus het nooit niks daarvan gesê nie. Dis ’n onseker klank.

202 Jy sê: “Wel, my moeder het aan hierdie kerk behoort.” Dis baie goed. “Wel, ek—ek sê jou, ek het opgestap en is aangeneem.” Dit—dit—dis in orde, ook, maar dit—dit—dis nie. . .dis steeds onseker. Hmm!

203 Jesus het gesê: “Ek gaan vir julle ’n seker teken gee. Hierdie tekens. . . ” Markus 16, die laaste Woorde wat Hy vir Sy Kerk gesê het: “Gaan in die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan elke skepsel.” Hoe ver? Die hele wêreld. Hoeveel? Elke skepsel. Dit is niks soos sending. . .en miljoene, en biljoene, en biljoene nog nie bereik nie. Sien? Nou, Hy—Hy het gesê. . .

"Wel nou," sê hulle dat: "dit het geëindig met die dissipels."

204 Nee, nee. Hier's seker klank: "Die hele wêreld, en elke skepsel." Dis seker. Wanneer die Evangelie verkondig word: "*Sal* hierdie tekens!"

Nie: "Hulle sal miskien. Hulle behoort te," nie.

"Hulle sal!" Dis seker. O! O, broer, ek is bly om Pinkster van hart te wees. Ja, meneer.

205 "O, hierdie tekens *sal*!" Dis seker. "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens beslis volg, in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale praat, as hulle slang sou opneem of iets dodeliks sou drink, sou dit hulle nie skaad nie, hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Seker tekens.

"Soos dit was in die dae van Noag. . . "

"Hoe weet jy ons is aan die eindtyd? Wat sal dit wees aan die eindtyd, Here? Wel, hoe weet ons ons is aan die eindtyd?"

"Soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees."

"So *sal*!"

Nie: "Dit sal miskien," nie. Of: "Behoort op daardie tyd te wees," nie.

206 Nee: "Dit *sal* wees," dieselfde Gees, wat in menslike vlees woon, die gedagtes van die hart onderskei, vertel wie agter Hom was, julle weet wat ek bedoel. Ons is aan die eindtyd. "Dit *sal* wees soos dit was in die dae van Lot." Iemand moet opstaan, iets moet dit doen.

207 Maar dit het ook gesê aan die eindtyd wat, hoe die kerk louwarm gaan wees, sou afvallig raak. Dit sal wees, nie nodig om dit te probeer stop nie, dit sal wees. Maar daar's sommige daarin, Hy het gestaan, die enigste kerktydperk van die sewe kerkeeue, die Laodicése is waar Jesus buite Sy Kerk gevind is, wat aan die deur klop, probeer om weer in te kom. Dis reg, die enigste kerkeeu. Ja, meneer. In die Laodicése, Pinkster kerkeeu, *sogenaamd*, het hulle soveel geloofsbelydenisse en denominasies gemaak dat julle Jesus aan die buitekant laat sit het, en Hy het voor die deur gestaan en klop. [Broer Branham klop herhaaldelik—Red.]

208 "Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek." Nou, moenie kwaad word vir my wanneer ek vir julle sê, julle behoort julle hare te laat groei, en op te hou sigarette rook, en—en op te hou kortbroek dra, en al hierdie soort dinge doen, en te lewe soos Christene behoort nie, sien: "Alles wat Ek liefhet, tugtig en bestraf Ek, wees dan ywerig en bely." Wat Hy gesê het. "En hy wat die deur sal oopmaak en My laat inkom, Ek sal inkom en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. Ek sal, as jy net die deur sal oopmaak." Nie: "miskien sal Ek, sal Ek daaroor dink," nie, "Ek sal. Ek sal inkom by elkeen wat die deur sal

oopmaak.” O, daardie seker klanke. Ek hou daarvan, nie waar nie? Ja, meneer.

Jy sê: “Wel nou, Broer Branham, ek sê jou wat ek gedoen het. Ek—ek het gegaan en by die kerk aangesluit, ek glo nou, dat ek gered is.”

209 Dit is nie wat dit is nie. Huh-uh. Petrus het gesê op die dag van Pinkster, gesê: “Bekeer julle, en word elkeen van julle, gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die Heilige Gees ontvang.”

Geen—geen: “Julle, miskien sal julle dit ontvang,” nie.

210 Glad nie enige—enige *miskien* daaraan nie. “Julle *sal* dit ontvang, want die belofte kom julle toe, en julle kinders,” en hulle in Middletown, of: “soveel as wat die Here ons God sal roep.” Dis seker.

211 “En soveel as wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die krag gegee,” (Glorie aan God!) “om die seuns van God te word.” Die seuns, soveel as wat geglo het, is by die Kerk gevoeg. Hoe kom jy in die Kerk in? “Deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam.” Niks onseker daaraan nie, dis seker, ’n seker klank.

Het ek klaar twee of drie bandopnames hierbuite opgebruik, Leo? Ek sal stop. Ek sal julle net hier hou, die helfte van die nag. O, goeiste!

212 Hebreërs 13:8: “Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.” Is dit reg? “Hy sal gedeeltelik wees. Hy—Hy sal ’n gedeelte wees van die—die . . . ” “Hy sal dieselfde wees,” geen onsekerheid daaroor nie, is daar? Glad nie. Goed.

213 “Hy wat in My glo, het Ewige Lewe.” Niks onseker daaraan nie. “Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe.” Niks onseker daaraan nie. Is dit reg? Dis ’n belofte van God. Belydenis voor God, en gevul word met die Heilige Gees, Goddelike genesing, en al daardie dinge is seker, dis die beloftes van God. “Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.”

214 Nou, jy sê: “Broer Branham, ek behoort aan die Gemeentes.” Dis goed. Ek sou net soveel aan die Gemeentes behoort as enige kerk, dis ’n goeie kerk. Een van my grootste borge is Gemeentes van God.

215 “Ek behoort aan die Kerk van God.” Wel, goed, ek doen dit ook, Kerk van God, en ek behoort aan die Gemeentes, ook. Sien? En, Kerk van God, een van my groot borge.

216 “Ek behoort aan die Vierkant,” sê julle. Wel, ek doen dit ook. Sien? Hulle is ’n goeie kerk, ek—ek—ek . . . ’n goeie groep mense. Daar’s net *een* Kerk in almal van hulle, hulle is almal saam as ’n Kerk; maar dit, daardie groepe is goed. Sien?

217 "Ek behoort aan die Verenigde." Sekerlik, ek doen dit ook. Sien? Hulle is goeie, goeie broers. Sien? Goed. Ek behoort ook aan hulle. Ek behoort aan hulle, omdat ek in dieselfde Kerk is wat hulle is. Elkeen wat gevul is met die Heilige Gees, want deur een Gees is ons almal gedoop in een Liggaam. Is dit reg? Nou, dit—dit—dis nie 'n onseker klank nie, dis Een Korinthiërs die 12de hoofstuk, "Deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam, en word lede van daardie Liggaam." Amen.

218 Nou, hier's wat dit is: Op daardie dag, het Jesus gesê, sou Hy die skape van die bokke skei, het Hy belowe dat daar 'n—'n—'n skaap en 'n bok sou wees, en die. . . en het Hy belowe daar sou 'n—'n wyse maagd en 'n slapende maagd wees. Hulle gaan daar wees, alles wat Hy sê, is seker. En ek—ek's so bly, vanaand, om te weet dat—dat ek, sonder enige twyfel, wedergebore is deur die Heilige Gees. Hou julle—julle—julle daarvan? Glo julle daarin?

219 Nou, dis waar ek staan, net soos. . . En maak hierdie opmerking ter afsluiting. Paul Rader, 'n—'n vriend van my, ek het hom 'n paar minute gelede aangehaal in sy dood, toe hy heengegaan het. Paul Rader het gesê, eenkeer, wat hy gebruik het, hy het van Oregon af gekom, dis waar sy huis was, en hy het altyd hout gekap. En hy het eenkeer gesê hy, sy baas, en hy was in 'n droom, en sy baas het hom opgestuur om 'n—'n—'n sekere boom van 'n sekere grootte af te kap. En—en hy het die boom afgekap, en hy het net die byl in die stomp gesit.

220 En die man se grootste spiere is in sy rug, maar wanneer hy gaan oplig, lig hy met sy bene, arms, rug, hy's sterker in sy rug as enige deel van sy liggaam. So, hy het die stomp beetgekry, en sy knieë teen mekaar gesit, en hy het net gebeur, en gebeur, en gebeur, en gebeur, totdat hy net eenvoudig nie enigsins verder kon gaan nie. Hy het net homself uitgeput, gesê: "Ek was net so uitgeput, dat ek net nie kon beweeg nie, ek was so swak."

221 En wat gebeur het, hy was besig met sendingwerk oorsee. Hy was daar ver agter in, en daar's baie van, wat hulle noem, swartwaterkoors, Ek dink dis wat dit was wat Paul gehad het. Geen dokter daar, nêrens nie, en Paul was 'n groot gelowige in Goddelike genesing, as julle dit almal geweet het, en hy was, groot man.

222 Billy Sunday het eenkeer na Chicago toe gekom om 'n paar dienste daar te preek met. . . by Chicago Evangelie Tabernakel, en—en so, was Paul daarbo aan die preek. En Billy het omtrent 'n week of tien dae gepreek, en sy preke het opgeraak, hy het nie meer enige preke gehad nie, en Paul het vir omtrent ses of agt maande daar gepreek, en hy het vir Paul gesê, gesê: "Paul, wanneer raak jou preke ooit op?"

223 Gesê: "Wanneer ek 'n knak in die tuinslang kry." So, hy was—hy sou. . . So, dit—dit was Paul. So, hy, toe hy 'n knak in die tuinslang gekry het, julle weet, het hy gestop, iets wat hy

gedoen het, iets wat die toevoerlyn afgesny het, julle sien. Hy het gesê hy het net na die preekstoel toe gegaan. . .En julle almal, enigiemand wat Paul Rader ooit geken het, hy sou in Génesis begin en tot by Openbaring preek, en oral in die Bybel, en enige ander plek, hy het net daar opgekom en weggetrek totdat hy ’n preek getref, en daarmee begin het.

224 En so, het hy—hy—hy hierdie swartwaterkoors gekry, en hy, en hulle het gedink hy was op sterwe, en hy het vir sy vrou gesê, gesê: “Staan naby my, bid.” Het donkerder en donkerder geword in die kamer, uiteindelik heeltemal uitgedoof, dis toe hy hierdie droom gedroom het. En hy het gesê dat hy—hy geraai het wat dit was, was daardie koors wat hom net so uitgeslaan het, dat hy net gedaan was. En julle weet wat swartwaterkoors is, jy lewe nie daarna nie. So, hy het God geglo, Hom die heeltyd vertrou. So hy—hy het sy vrou laat bid, haar hande op hom gelê, en gebid. En hulle moes uitgaan met ’n kano vir dae en dae om uit die plek uit te kom waarin hulle was.

225 En toe gesê, een. . .Hy het gedroom dat hy op hierdie stomp probeer het, totdat hy net homself uitgeput het, gesê hy net, sy krag was heeltemal op. Gesê hy het net so uitgeput geraak, hy het net gaan sit, teruggeleun teen die boom, en hy het gesê: “Ek is gedaan. Ek kan net nie daardie stomp oplig nie, dit. . .Waar is al my krag heen? Wel, ek kon daardie stomp oplig en dit op my rug sit met een hand,” gesê: “wegstap van hier af,” gesê: “klein boompie.” En hy was ’n baie sterk man. En hy het gesê: “Ek kon. . .Wel, ek het enige tyd bome groter as dit opgetel, daarmee geloop.” En gesê hy het net daar gesit, en net begin die huil. Hy het gesê: “Al my krag is op, ek kan niks anders doen nie, my krag is op.”

En gesê hy het sy Baas hoor naderkom, en gesê: “Paul, wat makeer?”

226 En gesê hy het gedink daardie Baas het die soetste Stem gehad wat hy ooit gehoor het. En hy het gesê: “Ek—ek—ek’s gedaan. Ek—ek het nie meer krag nie, ek kan nie enigsins verder gaan nie. Ek kan nie daardie stomp optel nie, ek kan net nie wegkom daarmee nie.”

227 Hy het gesê: “Paul,” Hy het gesê: “waarom stoei jy, buitendien, daarmee?” Sien? Hy het gesê: “Daar loop ’n stroompie, wat reg langs jou loop.” En gesê: “Hoekom gooi jy dit nie net daar in die stroompie, en klim daarop en ry ondertoe nie? Die kamp is net onder die heuwel, jy gaan reguit af met die stroomversnelling na die kamp toe.” Gesê: “Rol dit net oor in die spruitjie, en spring daarop. Ry ondertoe, laat dit jou afdra.”

228 “Wel,” het hy gesê: “ek het nooit daaraan gedink nie.” En gesê: “Toe hy omgedraai het, het hy gesien Wie sy Baas was, Dit was sy *regte* Baas.” Gesê hy het dit in die water gestoot, op die stomp gespring, en gesê hy was net so bly, hy het in die

water begin spat soos *daardie*, en geskree: "Ek ry daarop! Ek ry daarop! Ek ry daarop!" Oor die stroomversnelling gegaan, net so mooi, afgevlieg na die kamp toe soos *daardie*, en geskree: "Ek ry daarop!"

229 En gesê toe hy bygekom het, het hy reg in die middel van die vloer gespring, sy vrou wat oorkant in die hoek gelê het waar hy haar net teruggegooi het, en so hard geskree as wat hy kon, gesê: "Ek ry daarop! Ek ry daarop! Ek ry daarop!"

230 Broer, dis wat dit is, vanaand. Eendag het ek uitgevind dat Jesus Christus my liefgehad het, ek het besef dat ek gebore is om Sy kind te wees, Hy het my geroep, en my Ewige Lewe gegee. Ek weet nie wanneer my dood sal kom nie, ek weet nie, maak nie saak vir my nie. Maar daar's een ding seker: Elke Woord wat Hy belowe het in hierdie Boek, ek ry Daarop! Ek ry Daarop! "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Die doop van die Heilige Gees is vir wie ook al wil, sal kom en dit ontvang; Goddelike genesing is vir elkeen, wie ook al wil, mag kom en enige seëning ontvang.

Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
Getrek uit Emmanuel se are,
Waar sondaars onder die vloed gedompel,
Al hulle skuldvlekke verloor.

Daardie sterwende dief was verheug om te sien
Daardie Fontein daar in sy dag;
Daar mag ek, net so vuil soos hy,
Al my sondes weg kom was.

Vandat ek deur geloof daardie stroom gesien het
Deur U vloeiende wonde voorsien,
Was verlossingsliefde my tema,
En sal wees tot ek sterf.

Dan in 'n edeler, soeter lied,
Sal ek U krag om te red besing,
Wanneer hierdie arme lispelende, hakkelende tong
Stil lê in die graf.

231 Ek ry daarop, broer, ek ry daarop. Ek het in die Pinkstermense ingekom, hulle het verskillende organisasies gehad, net soos die Baptiste het, ek het nooit by enige van hulle aangesluit nie, ek het reg tussen die groepe gestaan, en geweet hulle was broers in albei, al die groepe rondom, ek sit my arms om elkeen van hulle soos *daardie*, en hulle is my broers. Ek ry daarop.

232 Nou die dag in Beaumont, Texas, 'n sekere groep mense, 'n denominasionele kerk het twee-en-sewentig kerke gehad wat my dienste geborg het, en hulle het 'n groot diens aan die gang gehad. Ek het 'n broer gehad wat op die preekstoel gesit het,

op die platvorm, en—en die distrikspresbiter het my daardie dag geskakel, en hy het gesê: “Ek neem aanstoot daaroor, Broer Branham, jy het ’n man op die platvorm gehad wat verkeerd gedoop is.” Gesê: “Hoe kan jy dit doen?”

Ek het gesê: “Hoekom?”

Hy het gesê: “Wel, hy—hy is nie een van ons s’n nie, hy—hy—hy kan nie wees nie.”

Ek het gesê: “Wel, hy’s my broer.”

233 Hy het gesê: “Weet jy wat het ons gedoen?” Gesê: “Ons het ’n lyntjie getrek, en jou uitgesluit van ons.”

234 Ek het gesê: “Nou, gaan ek ’n lyntjie bo jou trek, en jou weer insluit,” het ek gesê: “Ek bring jou terug. Wel, jy’s my broer!” Ek ry daarop. Ek gee nie om wat hulle glo nie, ek glo dat Jesus Christus nie verdeeld is nie: “Ons is almal een Liggaam; een in hoop en Doktrine, een in liefde.” “Jesus Christus dieselfde, gister, vandag, en tot in ewigheid.” Ek ry daarop.

235 Wil julle graag daarop ry, vanaand? Is jy siek? Is jy behoeftig? Is daar ’n sondaar hier wat sou sê, jou hand opsteek, sê: “Bid vir my, Broer Branham, ek wil op God se belofte ry, ‘Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe,’ ek wil daarop ry, ek wil net nou my standpunt inneem”? Steek jou hand op, sê: “Bid vir my.” God seën jou, meneer. God seën jou, meneer. God seën jou. God seën jou. God seën jou. Dis goed. God seën jou.

236 Enigiemand hier sonder die doop van die Heilige Gees? Sê: “Broer Branham, ek weet die belofte is myne, Hy het vir my gesê daar oorkant in Handelinge 2:38, as ek bely het en gedoop is in die Naam van Jesus Christus, vergifnis van sondes, behoort ek die doop van die Heilige Gees te ontvang. Hy het oorkant in Markus 16 gesê: ‘Gaan in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie. Hy wat glo en gedoop word, sal gered word, hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.’ Ek. . .Heilige Gees is aan my belowe, en ek wil Dit hê, en ek gaan op die belofte ry totdat God Dit vir my gee.” Steek jou hand op, sê: “Ek. . .” Goed, goed. God seën jou.

237 Hoeveel van julle hierbinne, sê: “Ek’s siek, Broer Branham”? Miskien kan jy nie genees word, ek weet nie, deur die dokter nie. Hy kan jou nie genees nie, hy kan jou help, jou help, totdat God jou genees. Maar ek. . .Daar’s net een Geneser, dis God. Daar is middels, dokters het geneesmiddels, God het genesing, dis al. Hy het baie geneesmiddels, maar daar’s net een genesing, en dis deur God. “Ek is die Here, wat al jou krankhede genees.”

238 “Ek’s siek, Broer Branham, ek het alles probeer wat ek weet hoe, ek, dit lyk asof ek net nie daaroor kan kom nie, maar, vanaand, is Hy die Here wat al my siektes genees, Hy is deurboor vir my oortredinge, deur Sy wonde *het* daar vir my genesing

gekom. Ek glo dit, en ek gaan daarop ry. Ek steek my hand op, onthou my, Broer Branham, dat ek op Sy belofte sal ry." Halleluja! Dit is dit.

239 Nou, luister, vriend, ek wil net . . . Wees jy eerlik met my. Hoe kan dit misluk? Ek vra jou in die naam van alle verstandigheid, hoe kan dit misluk? As jy 'n sondaar is en jy vra God om jou te red, Hy het belowe en selfs vir Christus gestuur om te sterf dat jy gered kan word, hoe kan jy nie gered word nie? Sê my waar jy kan misluk. Die enigste manier is omdat jy *hier* bo is en nie *hier* onder nie.

240 As jy sê: "Die Heilige Gees is myne, ek het bely, my sondes bely, in Christus geglo, is gedoop, ek is gereed vir die doop van die Heilige Gees," die enigste rede waarom jy dit nie het nie, is omdat iets verkeerd is *hier* bo. Dis reg. Jy dink nie reg nie. As dit van *hier* onder af gekom het, sal jy dit net nou kry.

241 Jy sê: "Broer Branham, ek glo in Goddelike genesing, ek aanvaar Hom as my Geneser. Ter wille van my oortredinge *is* Hy deurboor, deur Sy wonde *het* daar vir my genesing gekom." O, broer. Dit handel dit af. Dis al. Die enigste ding, as dit *hier* onder is, is dit waar, as dit *hier* bo is, is dit nie waar nie. As dit nie is nie, dan word God as 'n leuenaar bevind, Hy het 'n belofte gemaak wat Hy nie kan hou nie. Hy hou dit vir ander, wat van jou? Is dit reg? Dink net daaraan.

242 Jy sê: "Ek wil die Heilige Gees hê." Hy gee dit vir wie ook al wil. Dit reg? "Ek wil gered word." "Wie ook al die Naam van die Here aanroep, sal gered word." Dis wat dit is. Sien, dis jy, *hier* bo, dis jy, wat die duiwel *hierdie* laat gebruik.

243 Daar's geen mens . . . Wanneer God ooit 'n besluit neem, moet dit elke keer dieselfde besluit wees, as Hy, as dit vir iets is wat jy vra, as Hy die eerste mens gered het op grond van geloof, moet Hy die tweede een red, wat kom, moet Hy almal red, wat kom. [Leë kol op band—Red.] Ek ry daarop. Ek glo dit. Glo jy met jou hele hart. Staan dan op jou voete.

244 Ek daag elke sondaar hierbinne uit, beveel julle, in die Naam van Jesus Christus, om vir God te sê dat jy jammer is oor jou sondes, en jy Jesus aanvaar as jou Verlosser net nou, kyk wat gebeur.

245 Ek daag elke gelowige hierbinne uit wat gered is, om Christus net nou te aanvaar, om jou te vul met die Heilige Gees, alles Daarvan te aanvaar, jou sonde te bely. Sê net vir Hom dat jy jammer is, dat jy . . .

246 Wat is jou sonde? Jy sê: "Broer Branham, ek's alreeds 'n Christen." Bely jou sonde, jou sonde is ongeloof, dis die enigste sonde wat daar is, is ongeloof. Jy net . . . Jou ongeloof hou jou weg daarvan.

Elke siek persoon hierbinne, bely jy net jou geloof in "Sy wonde het daar vir ons genesing gekom," kyk wat gebeur.

247 Nou, hoeveel gelowiges is hierbinne? Steek julle hande op. Nou, of julle nou. . . Nou, julle ken daardie mense wat hulle hande opsteek as sondaars, en wie hulle ook al was. Ek wil hê elkeen van julle mense moet julle hande oorkant op iemand anders naby julle lê, lê net julle hande oorkant op mekaar, maak nie saak waar julle is nie, bo-op die platvorm. [Leë kol op band—Red.]

. . . as hulle nie was nie, genesing nodig het, Here, laat dit net gaan.

Bid.

248 Ons Hemelse Vader, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, breek ons die towerspreuk, breek ons elke duiwel se mag, breek ons dit deur geloof, soos ons aanspraak maak op die geregtigheid van Christus. Mag die duiwel hierdie kerk loslaat, vanaand, en hier uitkom, in die Naam van Jesus Christus, want die Bloed van die Here Jesus Christus is verkondig, en die krag van God is bekend gemaak.

249 Duiwel, laat los hulle, kom uit, in die Naam van Jesus Christus!

61-0315 ’n Onseker Klank
Volle Evangelie Tabernakel
Middletown, Ohio V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org